# Hedendaagse Kinderverhale

**soos deur die**
**Innerlike Woord gedikteer**
**vanaf Februarie**
**tot September 2008**

*Boeke in die Volksleiding-reeks kan by onderstaande adres en kontaknommers bestel word:*



| | | |
|---|---|---|
| *<u>POSADRES</u>:* | *Posbus 1130* | |
| | *Hartebeespoort* | |
| | *0216* | |
| | | |
| *<u>TEL</u>:* | *Kantoor:* | *012 - 376 2999* |
| | | *012 - 376 2983* |
| *<u>SEL</u>:* | *Antoon:* | *078 329 6757* |
| | *Dirk:* | *078 140 6677* |

**HEDENDAAGSE KINDERVERHALE**

# INHOUDSOPGAWE


| | | | |
|---|---|---|---|
| **Deel 1** | **Verhale aan Madeléne gedikteer:** | | **5** |
| **Hoofstuk 1** | Die stukkie hout | **5** | |
| **Hoofstuk 2** | Die mossies | **6** | |
| **Hoofstuk 3** | Muise | **8** | |
| **Hoofstuk 4** | Sprinkane | **10** | |
| **Hoofstuk 5** | Jou hartjie is `n huisie | **12** | |
| **Hoofstuk 6** | Die arend | **14** | |
| **Hoofstuk 7** | Die wingerd | **16** | |
| **Hoofstuk 8** | Die Olie en die lampies | **18** | |
| **Deel 2** | **Verhale aan Anelda gedikteer: 'Vir die mini-mensies'** | | **20** |
| **Hoofstuk 1** | Die verhaal van die vlinders | **20** | |
| **Hoofstuk 2** | Die verhaal van die vlinders 2 | **21** | |
| **Hoofstuk 3** | Die Boer (Landbouer**)** | **22** | |
| **Hoofstuk 4** | Die Herder | **23** | |
| **Hoofstuk 5** | Samuel, die kind van My gevra | **24** | |
| **Hoofstuk 6** | Die pad | **25** | |
| **Deel 3** | **Verhale aan Nalize gedikteer:** | | **27** |
| **Hoofstuk 1** | Die Leeu van Juda | **27** | |
| **Hoofstuk 2** | Die Sabbatsrus | **28** | |
| **Hoofstuk 3** | Hartvorms | **30** | |
| **Hoofstuk 4** | 'n Graspol | **32** | |
| **Hoofstuk 5** | Mossies en mense | **34** | |
| **Hoofstuk 6** | Wees 'n goeie vrou | **35** | |
| **Hoofstuk 7** | Die mooiste menswees | **37** | |
| **Hoofstuk 8** | Die engele om jou | **39** | |
| **Hoofstuk 9** | 'n Baie spesiale wêreld | **40** | |
| **Hoofstuk 10** | 'n Nuwe lewe | **42** | |
| **Hoofstuk 11** | Nederigheid | **44** | |
| **Hoofstuk 12** | Gehoorsaamheid | **46** | |

## VOORWOORD

Ek sal Myne uit die wêreldsee red. Hierdie kleintjies van My gaan sommiges wat dink dat hulle groot is, vooruit in My Koninkryk. Dit spreek Ek, die Almagtige, Amein.

Hier volg `n boekie vir JaHshua se geliefde kindertjies. Elke kindjie is vir Hom spesiaal en daarom het Hy dit goedgedink om al die kindertjies nader te roep en met hulle ook te praat. Kry al die kindertjies bymekaar en kom luister wat Hy vir julle wil leer.



**Vir die kindertjies**:

Al julle pragtige kindertjies, kom nader, ja, kom, want Ek het `n boodskappie ook vir julle. Kom, sit hier in `n kring en dink aan My in julle hartjies. Ken jy My? Weet jy wat My Naam is? My Naam is JaHshua, en Ek het jou en elkeen van jou maatjies baie lief. Sal jy ook lief wees vir My? Ek is vir jou só lief, dat `n klomp duiwels My wou doodmaak daarvoor. Maar Ek was en is en sal altyd baie sterker as hulle wees. Ja, Ek is die heel sterkste wese wat bestaan. Onthou altyd dat Ek baie, baie lief vir jou is en dat ek die heel sterkste is en niemand jou iets kan aandoen as jy by My is nie. Baie liefde vir julle, My kleintjies.

**Amein.**

**JaHshua**.

# DEEL 1


*Verhale aan Madeléne gedikteer:*

## Hoofstuk 1

## Die stukkie hout

Al My kleintjies,

Luister nou mooi. Ek gaan `n storie vir julle vertel. Eendag was daar `n klein Seuntjie. Hy was baie lief vir sy Pa. Hy het baie daarvan gehou om Sy Pa met houtwerk te help. Sy Pappa was `n baie goeie houtwerker en het allerhande bruikbare toerusting en meubels gemaak. Dit was maar deel van die "brood en botter" van daardie huisgesin. Julle weet mos wat dit beteken. Dit beteken dat die geldjies wat Sy Pappa daardeur verdien het, gebruik is om vir hulle gesin kos te koop.



Eendag was hulle weer besig en het hulle weer plankies aanmekaar gesit vir `n stoel wat hulle besig was om te maak. Die een plankie wat hulle moes gebruik vir `n poot van die stoel was te kort en hulle het `n "probleempie" gehad, want omdat hulle so arm was, was daar nie eintlik baie geld om sommer net `n ander plankie te gaan kry en te gebruik nie. Ook kon hulle daardie dag nie net gaan en hout gaan haal en `n ander plankie maak nie, want daar was nie genoeg tyd nie.

Die Seuntjie het toe besluit om Sy Pappa te help. Nou wonder julle seker hoe op aarde die klein Seuntjie Sy Pappa kon help, nè? Pappas help mos altyd die kindertjies en nou gaan dit andersom werk. Dink `n bietjie aan julleself. Partymaal help julle ook julle pappas en mammas in en om die huis met klein werkies, nè? Dan, as mamma of pappa vir jou vertel hoe mooi jy werk en vir jou dankie sê dat jy help, dan wil jy mos sommer nog iets vir hulle doen. Dink hoe jou hartjie voel as dit so vol van liefde vir hulle is.

Nou, so het daardie Seuntjie se hartjie gevoel. Hy is ontsettend lief vir Sy Pappa en wou hom help en as gevolg van daardie groot liefde in Sy hart, het Hy ontsettend baie krag gehad. Dit is so, My liefste kindertjies: Liefde gee krag. Onthou dit en bêre dit in julle hartjies.

Hierdie Seuntjie se Naam is JaHshua, ja, dit is Ek toe Ek nog `n klein Seuntjie was. Ek het só baie liefde in My, dat daardie stukkie hout sommer ook vir My lief was. Nou wonder julle seker hoe `n stukkie hout vir My kan lief wees, nê? Dit was vir My lief, want Ek het dit baie, baie lank terug gemaak en dit het My as die Skepper van alles erken! Omdat Ek alles gemaak het uit Liefde en

die krag wat Liefde gee, kon dit nie anders as om My ook lief te hê nie. Ek het die punt van die houtjie gevat en dit langer getrek en dit was liefdevol gewillig om so lank te word soos Ek dit op daardie oomblik wou hê. Wonderlik nê?!

Nou wil Ek vandag vir julle leer dat julle altyd liefde in julle hartjies moet hê. Wees lief vir My en lief vir jou naaste en as jy in Liefde, daardie liefde wat jy in jou hartjie voel vir My en vir iemand anders, iets vra wat nodig en belangrik is, sal Ek luister en jou help om ander te help.

My Pappa kon die stoel gou klaarmaak en verkoop en die man was tevrede met sy stoel waarvoor hy gewag het. My Pappa was baie dankbaar en My hartjie het wonderlik gevoel om hom so te kon help. Want daardeur het Ek nie net My Pappa gehelp (met die houtwerk) nie, maar ook dat daar `n geldjie kon inkom vir kos en benodigdhede vir die hele huishouding. En julle sal nou seker dit nie so kon dink nie, maar tot die stukkie hout was gelukkig, omdat dit My op só `n manier kon dien. Ook die man wat die stoel gekoop het, was gelukkig met die stoel wat besonder lekker gesit het!

Sien julle hoe die Liefde werk? Liefde groei altyd en julle moet Liefde soos `n kosbare skat in julle hartjies dra. Daar waar Liefde is, is Ek altyd teenwoordig. Hierdie les gee Ek, JaHshua julle vandag, omdat Ek vir julle baie lief is en Ek wil hê dat julle vir My ook baie lief moet wees.


Onthou dit, My liefies.

JaHshua.

Amen.


## Hoofstuk 2

## Die mossies





Eendag speel `n klompie kinders langs `n dam, rustig en soet. Ek was nog klein en My ouers was daar naby doenig. Ek wou ook graag, net soos die ander kindertjies speel en het nader gegaan. Julle weet mos hoe lekker dit is om dammetjies te bou en allerhande diertjies en figuurtjies met modder of klei te maak. Dit het nie te lank voor dit gereën nie en die grond was lekker sag en ons kon heerlik in die kleierigheid speel. Ek het ook dammetjies gemaak en daarmee saam `n paar voëltjies uit klei. Toe Ek moes teruggaan na My ouers, het My voëltjies lewendig geword (op die bevel van My Liefde) en tjirpend weggevlieg. Hierdie voëltjies was spesifiek mossies. Julle ken mos mossies? Dit is vrolike voëltjies. Hulle hou daarvan om in die somer en lente in


die vroeë son te speel. Hulle eet graag klein wurmpies en is altyd baie dankbaar. Ja, hulle is dankbaar vir elke wurmpie of saadjie wat hulle kry waarmee hulle, hulle honger pensies voed. Het jy al `n treurige mossie gesien? Nee, jy sal dit nie sommer sien nie! Mossies het nie besonder mooi, of helder kleure soos sommige ander voëls nie. Nee, inteendeel kom hulle maar bietjie valerig voor, maar gaan staan eendag bietjie stil en kyk na hulle. Met hulle vrolike hartjies, is hulle altyd besig om My te dank en te loof.



Net so wil Ek dat julle, My liefste kindertjies, ook met vrolike en dankbare hartjies, My loof. Ja julle, My liefies, is die kroon van die skepping! Dit beteken dat van alles wat Ek gemaak het, julle die mooiste en beste is. Dink bietjie hoeveel méér dinge die mens kan doen as `n mossie. Die mens kan dink en redeneer. Hy kan handel en regeer. Hy kan keuses maak en self besluite neem. Jy, My liefste kleintjie, is baie meer werd as `n mossie vir My! Daarom sal Ek altyd na jou kyk, want Ek het jou só baie lief. Sal jy ook lief wees vir My? Sal jy ook soos die mossies, My met jou hele hartjie loof en prys? Dit beteken om dankbaar te wees vir alles wat Ek vir jou gee. Nou wonder julle seker wat gee Ek alles vir julle, nê? Kom ons dink `n bietjie:



Ek het die son gemaak, sodat jy kan sien wat jy doen en waar jy is. Ook dat jy lekker warm kan kry. Die son hou jou gesond en laat jou ook groei! Die son maak ook jou hartjie vrolik en bly! Ek het die maan gemaak, sodat jy ook in die nag, as die mossies gaan slaap het, nog jou weg kan vind. Ek het die reën gemaak en al die waters wat jy sien. Jy het ook dit nodig. Ja, jy het water nodig om in te swem of bad, want onthou jy moet ook skoon kom van alles waarvan jy vuil geword het! Jy het water nodig om te drink, want jou lyfie wil ook van binne skoon wees. Ja, jy het water nodig om te leef en groei. Ja, vir ontsettend méér. Sien jy nou? Dit is nog net die lig en water. Kom, dink `n bietjie verder. Wat kan jy nog aan dink wat Ek gemaak het? Ja, Ek het alles gemaak wat jou ogies in die natuur kan sien. Ja, en jy My liefste kleintjie, het dit nodig. Sonder kos en water en lig sal jy nie lank leef nie. Kan jy nou sien hoeveel ook jy, My liewe kleintjie, voor dankbaar moet wees? Sonder My sou jy nie eers gelewe het nie!



Sien jy hoe lief Ek jou het? Ek het alles wat jy nodig het om te leef, gemaak. En dit is nog net die dinge wat jy kan sien. Ek het ook dinge gemaak wat jy nie kan sien nie, maar nodig het. Jou hartjie het óók benodigdhede net soos Myne. Jou hartjie wil weet en voel. Ja jou hartjie wil weet of iemand ook vir jou lief is en wil dit voel. My hart wil ook hê dat jy vir My moet lief wees en Ek wil dit ook voel, net soos jy, My skat. Sien, toe Ek jou gemaak het, het Ek jou na My beeld en gelykenis geskape. Dit beteken jy is in baie dinge, ja feitlik net soos Ek! Jy kan dink en doen. Jy kan voel, nie net met jou handjies nie, maar ook met jou hartjie! Ag, daar is nog soveel méér! Maar daaroor gesels ons `n volgende keer méér. Vandag se les vir jou, My kosbare kleintjie, is dit: Wees altyd in jou hartjie dankbaar vir wat jy kry. Dank My en onthou dat jy vir My baie, baie méér werd is as `n mossie. Onthou dat jy My ook moet dank en dat jy My moet loof soos die mossie wat baie minder het as jy! Dit kan jy alles doen, as jy net lief is vir My! Ek wil hê jy moet vir My lief wees, want Ek is só baie lief vir jou!

Ek, JaHshua, vra dit van jou.


Amein.

## Hoofstuk 3

## Muise

Ja, My liewe kleintjies, vandag se verhaal gaan oor muise. Muise is ook deel van My skepping. Dit is klein diertjies wat baie lief is om te eet.

In die natuur eet hulle allerhande afval- en aaskosse. Hulle kan ook groot skades vir die mens bring. Vra maar net `n boer of sommer jou mamma ook. Hulle kan groot skure vol mielies of meel vernietig, ja, soms so erg dat die boer sommer in trane sal uitbars. Hulle kom in julle huise en sal altyd iets te ete soek en kry in die koskas. Ja, hulle het `n baie goeie reuksintuig en weet presies waar die lekkerste kos vir hulle is. Hulle doen ook goeie werk. Ja, die boer of die mamma wat die skade gely het as gevolg van hierdie diertjies, dink dalk nie so nie. Hulle sien net die skade raak, maar vergeet skoon dat dit net `n diertjie is wat sy skeppingsopdrag uitvoer. Omdat hierdie diertjies enigiets eet, al is dit kadawers of ander dooie goed wat verrot het, is hulle gewoonlik besmet met baie lelike kieme en dit kan baie peste vir ander diere en die mensdom saambring. Daarom is hulle maar grillerig vir die meeste mense. `n Mens moet ook sorg dat jou woonplek skoon en netjies is, sodat hierdie diere nie woning kom maak in jou huis nie en sodoende of op hierdie manier hou jy siektes en peste buite jou huis. Ek weet dat baie van julle se mammas al vir julle vertel het dat muise



hulle huisies met die tande wat jy trek uit jou mondjie, bou. Dit is nie waar nie, My kleintjies. Maar jy moet nou nie kwaad wees vir jou mamma omdat dit nie waar is nie. Toe sy klein was, het iemand anders dit vir haar vertel en sy het, net soos jy, dit sowaar geglo! Ek vertel julle dit, want Ek wil nie hê dat daar enige leuens onder My liefste kindertjies moet wees nie. Ek wil ook hê dat My kinders ware Liefde in hulle harte moet hê. Ware Liefde vergewe ander se foute en help mekaar om nie weer daardie foute te maak nie. Maar kom ons praat weer oor die muis. Die muis is vir die natuur `n baie nuttige diertjie, want hy raak ontslae van verskillende vorms van afval. Afval wat baie erger siektes en peste kon laat ontstaan. Sy ou liggaampie is baie beter bestand teen hierdie vreeslike kieme, as joune.

Ek gebruik ook hierdie diertjies om vir My te werk. Wanneer mense nie meer wil luister nie en baie boos word, laat Ek toe dat hierdie diertjies hulle ingang vind na huise in sulke bose gebiede. Hulle "verloor" dan van hierdie kieme tussen die mense. Dit wat jy geleer het kieme is, is eintlik net `n ander naam vir geeste. Ja dit is geeste wat die mens dodelik siek kan maak. Die engele wat die mens moet beskerm teen hierdie geeste staan dan bietjie terug en los hierdie siektegeeste om die mens te teister. Die engele staan op My opdrag terug en hulle hou ook niks daarvan as mense so swaarkry nie. Maar hulle weet dat siektes `n manier is om vir die mense te waarsku, sodat hulle al hulle sondes moet stop en luister. Die engele is saam met My hartseer as daar `n mens is wat nie luister nie en nie sy lewe regkry nie. Ek wil dat elke siel wat Ek geskape het, vir My moet lief wees. Ek is lief vir elkeen wat Myne is en Ek sal almal wat Myne is beskerm teen sulke siektegeeste. Maar as My kinders stout is en nie wil luister vir ander waarskuwings wat Ek hulle gee nie, sal Ek uiteindelik terugstaan en sal My eie kind ook blootgestel word aan siekte. As My kind dan luister vir hierdie baie ernstige waarskuwing, sal Ek My weer oor hom ontferm. Dit beteken Ek sal hom weer genees. Sorg daarom My liefste kleintjies, dat jou hartjie rein is. Dit beteken dat jy My so sal liefhê dat jy niks sal doen wat My hart seermaak nie. Ja, dit maak My hart seer as jy ongehoorsaam of stout is, want dan moet Ek kwaai met jou wees. Ek hou nie daarvan om met My kindertjies te raas of hulle pak te gee nie, maar as hulle nie luister nie, doen Ek dit. Dan word My en My engele se hart seer. Verstaan jy nou hoe die liefde werk? As jy gehoorsaam en vol liefde is, doen jy niks om iemand anders se hart seer te maak nie. As jy dit doen, is My hart ook baie gelukkig en groei My liefde vir jou.



Dink aan hierdie les, as jy weer `n muis sien en onthou dan dat Ek jou baie

liefhet. Onthou om gehoorsaam te wees aan Liefde, dan sal dit nie nodig wees om "pak" te kry by My, jou hemelse Vader, nie.

Dit leer Ek, jou Vader, jou vandag.

Amein.

## Hoofstuk 4

## Sprinkane

Laat al My liefste kleintjies, ja My kindertjies nader kom. Bring hulle na My sy. Graag wil Ek met hulle praat, ja Ek wil hoor hoe hulle jubel van hart. Kom My liefste kinders, kom sit nou hier by My, kom dan gesels ons lekker en vry. Ja, vry van elke duiwel wat jou wil verlei. Vandag wil Ek julle meer vertel, ja Ek wil julle leer en julle daardeur van baie onkunde bevry. Daarom luister nou mooi en goed, kom wees nou soet.

Vandag gaan ons oor sprinkane gesels. Ek het reeds gister dit vir hierdie skryfkneg beloof. Dit is nou die tannie wat alles neerskryf, wat Ek vir haar sê om vir julle, My liefste kindertjies, te gee en te vertel. En soos julle nou al weet, doen Ek altyd wat Ek sê. So moet julle ook doen, My liefste kindertjies. Ja, julle moet áltyd julle woord nakom. Moet nooit iets spreek of sê en dit nie nakom of doen nie. Kom, dat ons nou oor die sprinkane gesels, soos belowe!



Het julle al die sprinkane gesien? Het julle al gesien hoeveel verskillende soorte daar is? Ja, daar is verskillende soorte en stadiums of fases. Wanneer hulle klein is en hulle vlerkies nog nie mooi of heeltemal gegroei het nie, noem ons hulle die voetgangers. Voetgangers kan baie groot skade aanrig aan `n boer se land, maar die uitgegroeide sprinkane rig soveel méér skade aan. Hulle kan in baie gróót swerms rondbeweeg. `n Swerm is wanneer daar sommer báie in `n groep saam trek. Ja, en dit maak nie saak of hulle nog klein of al groot en uitgegroei is nie, as hulle in sulke groot swerms is, vreet hulle `n land letterlik hééltemal op! Daar sal dan van so `n land van die boer feitlik niks oorbly nie! Dit neem hulle ook nie baie lank om dit te doen nie. O, nee! Dit hang net af hoe groot die swerm is. Op My bevel, kan hulle dit sommer binne minute doen. Hoe kleiner die swerm is, hoe langer sal dit neem, maar die skade wat hulle kan aanrig, is baie groot. As jy een van die grotes sien, kyk bietjie hoe hulle gesiggies lyk. Julle sal seker sê dat hulle baie kwaai lyk. En weet jy wat? Hulle is nogal baie streng. Hulle kan vergelyk word met `n weermag. Julle weet seker wat `n weermag is? Dit is gewoonlik `n groot klomp mans of mense wat geleer word om te veg. Ja, hulle word geleer om die mense van hulle land of volk te

beskerm en ook om die vyand te vernietig. Dink nou wéér aan die sprinkaan. Ek het hom so gemaak dat dit lyk of hy sy eie pantser aanhet. Met ander woorde hy het nie `n gewone heeltemal sagte liggaampie nie. Die liggaampie wat Ek hulle gegee het beskerm hulle sagte lyfies daaronder. Party het ook helder kleure. Kyk `n bietjie rond in die natuur en julle sal sien dat van hulle helder rooi deeltjies op hulle pantser het. Ander is net groen, dan is daar party wat geel of bruin ook is. `n Boer moet mooi dophou dat daar nie sprinkane naby sy mielieland of koringland kom nie. Maar as hy My kind is en My beskerming vra, hoef hy ook nie daaroor bekommerd te wees nie. Ja, My liewe kindertjies, sprinkane is interessante diertjies wat eerder `n insek genoem kan word.


Daar is ook mense op hierdie aarde, wat soos sprinkane is. Dit is hulle wat alles vernietig wat hulle sien. Ja, dit is mense wat alles wat daar is, op sal gebruik en niks vir sy naaste sal los vir die dag van môre nie. Dit maak nie saak wat dit is nie, dit kan kos wees of klere. Dit kan selfs `n huis wees of `n hele land. Hulle kom en vat eenvoudig oor. En net soos met een klein ou sprinkaantjie, lyk dit mos glád nie of hy kan skade doen nie, nê? Hy kan nogal rustig voorkom. Hy sit net daar op sy grassie en eet rustig daaraan. Maar o wee! `n Swerm van sulke "onskuldige" sprinkaantjies, kan alles wat daar is, sommer gou vernietig. Wat hulle nie opvreet nie, gebruik hulle op. Hulle doen geen herstel werkies nie! Nêrens sal jy sien dat `n sprinkaan kom en `n grassie wat geknak het of gebreek is, probeer regmaak of las nie. Nou wonder julle seker hoekom nie? Want dit is nie in hulle natuur om te saai of te bou nie. Ja, hulle is ook `n weermag wat Ék gebruik. As `n volk ongehoorsaam is, trek Ek My hand wat seën, terug en los die sprinkane om te gaan waar hulle wil. Dan kan so `n volk groot probleme kry. Dink bietjie oor dit alles en dink `n bietjie hoe jy is. Is jy dalk ook soos `n sprinkaantjie wat alles opgebruik en niks los vir môre nie? Of is jy `n klein sprinkaantjie wat jou mamma so kwaad maak dat sy nie meer weet watter kant toe met jou nie? As jy jou mamma of pappa se geduld so erg beproef, is jy soos `n sprinkaan wat al die liefde en geduld opvreet en niks los op die land van geduld in hulle harte nie. Dit maak hulle harte seer en daardie sprinkaan-duiweltjie moet dan gestraf word, sodat die land van geduld en liefde weer kan groei. As jy `n gehoorsame en soet kindjie is, sal die land in jou pappa en mamma se hart vol van liefde en geduld wees en sal jy, My liewe skat, ook die seëninge daarvan kry. Dit beteken dat daar dan vrede en liefde tussen jou en jou mamma of pappa sal wees. Dan is dit nie nodig vir hulle om met jou te raas of straf nie. So is dit ook met My. As My volk en jy, My liewe kindjie, is deel van My volk, getrou



na My luister en soet is, sal dit nie nodig vir My wees om enigeen te straf nie. Maar as julle, My volk en kindertjies, soos die sprinkane maak en alles net vernietig wat Ek julle gee. Ja, as julle ook My hart se land van geduld en liefde vernietig, sal Ek net soos `n Pappa, julle ook straf. Wanneer jou hartjie vol liefde vir My is, sal jy mos gehoorsaam en soet wees aan My en jou pappa en mamma. Dan sal jy en elke ander kindjie van My, wat so vol liefde is, oorvloedig geseën word. Onthou dat Ek vir jou báie lief is en dit My hart séér maak om jou te straf of deur jou pappa of mamma te láát straf. So, wees gehoorsame en liefdevolle kindertjies vir My. Sal jy? Dit is dan wat Ek, Jahweshua julle vandag wil kom leer.`n Liefdevolle dag vir julle, My klein kindertjies! Amein.

## Hoofstuk 5

## Jou hartjie is `n huisie




Laat elkeen nou stil word, en maak elkeen nou sy hartjie vir My oop. Maak vandag seker dat Ek, Vader Jahshua, daarin kan woon. Nou wonder jy seker, My liewe klein skat, hoe jy dit kan doen, nê? Luister nou mooi, dan leer Ek jou meer. Weet jy waar sit jou hartjie? Ja, jou hartjie sit in jou lyfie, ongeveer aan die linkerkant van jou bors. Maar wat Vader vandag wil weet, is of jy ook kan voel, sonder jou handjies, waar jou hartjie sit?

Dit is glad nie so moeilik om te voel nie. Dink net `n bietjie: wanneer jy voel dat jy só lief is vir jou mamma of pappa, kry jy mos `n lekker warm gevoel hier in jou bors. As jy ietsie baie graag wil hê en jy kan dit nie kry nie, word dit mos op daardie selfde plekkie seer. As iemand vir jou `n geskenkie bring, is dit daardie selfde plekkie wat so opgewonde word en dan kan jy nie wag om die geskenkie oop te maak nie. Weet jy nóu waar jou hartjie is? Verstaan jy nou hoe jy kan voel waar dit is sonder om dit te sien of daaraan te vat?


Nou My kindjie, daardie selfde plekkie is die plekkie waar Ek wil bly. Jy sal kan voel of Ek daar is, maar ook sal jy kan voel as "iemand anders" probeer het om daar in te trek. Vandag wil Ek jou vertel hoe jy die verskil sal weet. So, luister nou mooi! Ek hou van `n mooi skoon hartjie. Jou hartjie is mos `n huisie as iemand daarin bly. As `n Koning daarin bly, word dit `n kasteel. Waar Ek bly, hardloop alle goggas en ongediertes weg. Ja, want die duiwel, wat ons van nou af eerder Satan sal noem, en al sy bose maatjies, is soos giftige goggas en ongediertes. Hierdie bose klompie hou niks van My Lig nie. Nee, hulle hou van donker hoekies waar hulle kan wegkruip en Satan self is soos `n spinnekop wat saggies insluip en `n web span. Dan laat hy al sy bose

trawante inkom in sy nessie en laat hulle ook neste bou. As hulle eers `n nes gebou het, is dit baie moeilik om hulle uit te kry! Hierdie ongediertes en goggas het ook name. Ek gaan nou `n paar van hulle, dis nou die goggas, vir jou noem: jaloers, afguns, ek is kwaad, haat, ongehoorsaam, ek wil alles vir myself hê, opgeblase en nog `n hele boel ander. Een van Satan se name is "ek". Ja, jy het seker al gehoor as die groot mense praat van die "eie ek". So, ou spinnekop eie ek kom bou `n nes en bring dan vir jaloers, kwaad, ongehoorsaam en nog `n klomp goggas in! As hierdie dinge of goggas in jou hartjie is, kan Ek nie daar bly nie. Ek hou mos van `n skoon plekkie, sonder allerhande giftige goggas. Ek hou daarvan om My plekkie, wat ons van nou af woning of tempel sal noem, te versier met My Eie versierings. Ek bring kosbare skatte daarin. Ja, My skatte skitter soos diamante en robyne. Dit blink soos die suiwerste goud. Dan is dit nog net die skatte wat jy kan sien. Daar is ander wat jy kan ruik, hoor, proe en voel. Van die skatte of versierings wat saam met My kom, se name is **Liefde, omgee vir my naaste, gehoorsaamheid, mededeelsaamheid, jubel, vergewensgesindheid en geduld.** Sien jy dat dit álles, mooi en goeie dinge is? Elke mens, én jy My kosbare skatjie, moet kies of hy `n spinnekop met sy neste in sy hartjie wil hê of vir My, die Koning met al My kosbare skatte. Met die spinnekop is jou hartjie donker en dit voel nie lekker nie, maar met My, die Koning, is alles vol lig en voel dit ook heerlik. Dan wil jy sommer ook die heeldag vir My sing. En weet jy wat? Ek hou ook daarvan om te hoor hoe jy uit jou hartjie vir My sing.





Nou wat is jou besluit, My liefling? Gaan jy nou al die spinnekoppe en goggas en ongediertes wegjaag? Weet jy hoe maklik dit vir My is? Jy moet net vir My sê dat jy My, Koning Jahshua, in jou hartjie wil hê. Vra My om die spul ongediertes en goggas weg te jaag, dan kom EK! Ek maak alles mooi skoon, sodat Ek lekker daarin kan woon. As jy dan agterkom daar is goggas wat weer nader wil kom, praat jy net met My en Ek sal hom verdryf of wegjaag! Jy moet My net vra, dan doen Ek dit vir jou, My liewe skat! Dit is dan ons lessie vir vandag! Onthou dit en vertel dit ook aan jou maatjies wat dit nog nie weet nie. Dan help ons nog iemand om gelukkig te wees! Ek, Koning Jahshua, is baie lief vir jou. Amein.



# Hoofstuk 6




## Die arend

Haai al My pragtige kindertjies, julle is mos My kindertjies, nê? O, Ek Jahshua, is só lief vir julle! Ek wil julle meer kom leer en vandag gaan Ek julle van `n arend vertel. Meer presies, wil Ek van die visarend vertel. Hét julle al `n arend gesien? Dit is die mooiste roofvoël wat op die aarde is. Dit is `n baie trotse en ook kwaai voël. Arende bou hulle neste gewoonlik baie hoog in hoë berge of rotse en kranse. Jy sal soms ook in bome `n nes kry, bo-op berge. Dit doen hulle maar net om hulle kleintjies te beskerm teen allerhande ander diere of mense wat hulle kleintjies wil opvreet of vat. As jy `n krans uitklim en daar is so `n nes van `n arend naby, kan jy vérseker weet dat daardie mamma-arend of pappa-arend jou sál aanval. Hulle is súper versigtig. Sommige van julle se pappa's hou daarvan om vis te vang, né? Julle moet dan sommer vir jou pappa vra of hy al `n visarend gesien het. Somtyds sal hulle, terwyl hulle so lekker sit en visvang, sien hoe so `n visarend óók `n vis uit die water vang. Dit is baie mooi om te sien. Die arend se oë is báie skerp en hy kan báie goed sien. As hy honger het, vlieg hy oor die water en kyk waar die visse swem. Dan besluit hy op `n vissie wat hy dink gróót genoeg is en nie té swaar is vir hom om te dra nie. Terwyl hy so bokant die water vlieg, neem hy verskríklik vinnig hierdie besluit en vlieg dan net so verskríklik vinnig op hierdie vissie af. Die vissie sal redelik náby aan die bokant van die water wees om sélf kossies te soek. Hulle eet gewoonlik klein goggatjies wat bo-op die water is. Terwyl die vissie dan kossies soek, kom die arend reg op hom afgepyl en gryp hom met sy gewéldige skerp kloue vas.

Die kloue van die arend is só geweldig skerp en die arend is só sterk, dat hierdie vissie nie sómmer uit sy kloue sal kom nie. Al spartel dit hóe erg. Die arend neem dan die vissie na `n plekkie waar hy dit rustig kan vreet of hy neem dit na sy nes om te deel met sy kleintjies. Die arend het ook `n pragtige klank of skree geluid wat hy maak. Dit is ook baie helder en skerp. Hy roep baie hard en dit klink regtig baie mooi. Nou wonder julle seker hoekom ek julle van die arend vertel, nê? Luister nou baie mooi, My liefste kindertjies, dan vertel Ek julle. Toe Ek op die aarde gebore is, het Ek ook tussen die mense rondgeloop en hulle baie dinge geleer. Ek was ook `n Visserman of soos `n Arend en het ook vissies vir My gevang. Ek het ook mense gehad wat saam met My geloop het en vir My baie lief is. Ek is vir hulle ook baie lief en ken hulle



vandag nóg. Ek het hulle ook vertel om vir My vis te vang en dan die vis vir My te bring.



Dink nou bietjie mooi. Elke kind van My, is `n visserman. Nou wonder jy of jy ook `n vissie moet vang en vir My moet bring, né? Dan sê Ek vir jou ja, My klein skat, jy moet ook vissies vang en vir My bring. Maar nou dink jy klaar weer hoe gaan jy die vissie vir My bring en wat gaan Ek, Jahshua met hom maak? Wees net geduldig, dan leer Ek jou méér. Jý, My liefste, is My klein vissermannetjie of visservroutjie en al die ander maatjies wat My nóg nie ken nie en dié wat nog nie vir My lief is nie, is die vissies.

Wanneer jy met hulle gesels en hulle vertel van My en hoe lief Ek vir hulle is, dan ís jy besig om `n vissie te vang vir My, Jahshua. Wanneer só maatjie dan vir jou luister en jy hom leer hóé om met My te gesels, en hy dan sélf met My begin praat, het jy hom vir My gevang én gebring. Dan word hierdie maatjie óók `n visser, net soos jy! Verstaan jy nou, My skat? Die arend is `n verskriklike goeie visser en mis nie sy prooi nie. Sy prooi is die vissie wat hy wil vang. Nou, net so moet jy ook vir My wees. Jou ogies moet skérp wees en móói kyk waar so `n maatjie is wat nóg nie vir My ken nie. Sulke maatjies soek ook gewoonlik báie liefde. As jy so `n maatjie gesien het wat eintlik liefde soek, moet jy onmiddellik, net soos die arend, na hom toe gaan en hom liefde gee. Jy moet hom mooi leer en op so manier help. Jy moet vir hom baie lief wees. Verstaan julle nou wat die arend doen? Hy vang `n regte vissie, maar in jou hartjie moet jy soos die arend wees en onmiddellik help en daardie vissie uit die see van hartseer en eensaamheid van hierdie wêreld gaan haal. Sal jy dit doen? Dit sal dalk so bietjie werk kos, met ander woorde, jy moet maar aanhou met die maatjie, totdat hy of sy jou verstaan en luister. Dan moet julle gereeld saam bid en oor My en My liefde vir julle gesels. Ek kyk ook soos `n Pappa-Arend na My kleintjies in My nessie. Niemand sal sommer My kleintjies uit My nes kom haal nie. Hy moet eers by My verby kom. Ek is ontsettend lief vir julle, My klein arendjies. Plaas ook hierdie les van vandag in jou hartjie en kyk waar `n naaste maatjie is wat jy kan help. Nou kan julle lekker hieroor gesels en speel en onthou om ook met My te praat in jou hartjie!

Amein.

## Hoofstuk 7


## Die wingerd



Weet julle wat `n wingerd is? `n Wingerd is `n sekere soort vrugte tuin.

Ja, dit is `n tuin of `n boord waar daar net druiwe groei. Weet julle nou almal wat die woord beteken? Jy kan die heerlikste druiwe in so `n boord plant. Die opsigter van so wingerd kyk gewoonlik baie goed na sy wingerd.

Die grond moet gevoed word en dit doen hy deur die grond om te dolwe en dan bemesting in te werk. Bemesting is gewoonlik diere se mis of dit kan uit klomp blare wat al verrot het bestaan. Soms is dit sommer altwee gemeng. Verstaan julle dit? Nou, hierdie bemesting word ingewerk, sodat die grond ook goed en sterk kan wees. Amper soos julle, My kleintjies. As julle gesond eet, word jou lyfie mos ook gróót en stérk. Die goeie kos hou jou ook gesond, né? Dit is presies dieselfde met die grond. As die grond nou so mooi gesond is, kan die druiwestokke daarin groei. Die priëel of druiwe-boompie, word dan ook sterk, want dit gaan haal weer sy kos uit die grond. Die grond moet ook gereeld water gegee word, anders kán niks in die grond groei nie. Sonder water kan die grond se kos nie in die grond mooi opgeneem word nie. Dink bietjie hoe dit vir jou sal voel as jy niks kry om te drink nie, maar jy moet al die brood en meel sommer net so droog afsluk! Dit sal vreeslik wees en die kossies sal later net in jou keel vassteek en dan gaan daar niks na jou magie toe nie. Hoe gaan jy dan groei en grootword? Sien julle nou hoekom `n mens, `n dier en die grond en die plante in dit, water nodig het? Ja, dit help met die verspreiding en opneem van die kossies. Wanneer die grond goed is en dit genoeg water kry en dit die water en kos ook kan aangee vir die priëel, sal die druiwepriëel net so goed ontwikkel. As die opsigter al hierdie dinge gedoen het, word hy beloon met die mooi, goeie en gesonde druiwe. Hy wag ook totdat die druiwe genoeg sonlig kry het en dat die trosse mooi ryp word in die son. Dan, op `n dag, wanneer hy dink dat die druiwetrossie nou mooi ryp lyk, pluk hy één korreltjie en proe daaraan. Julle weet mos hoe proe `n groen druiwekorrel. Ja, dit is baie suur. Dit is ook glad nie gesond vir jou lyfie om sulke onryp kosse in te neem nie. Maar as die opsigter proe dat die korrel stroopsoet is en hy toets nog `n paar ander trosse in die wingerd, is hy baie opgewonde, want dan kan hy begin oes. Hy sal dan sy werkers kry en hulle sal al die trosse met groot versigtigheid pluk. Dan kan jy dit eet of daar word wyn of asyn van gemaak. Julle almal, My liefies, is vir My soos `n wingerd. Ek



Jahshua, kom gee gereeld vir julle kossies en water. Ja, ook genoeg liefde. Daar wonder julle klaar weer hoe Ek dit doen, want jy het My nog nooit gesien terwyl Ek dit doen nie, né? Ja, jou ogies sien My nie, maar dit wat Ek jou nou léér, ís die brood of kossies wat Ek vir jou gee. Ja dit is waar en Ek gee water ook op hierdie manier. Wéét julle wat is die water? Dit is die liefde wat Ek vir jou het en gee.

Partykeer sal julle hoor Ek praat van Brood en Wyn. Dit is presies ook dit, My liefste kindertjies. Die water is ook die kennis wat julle opdoen. Kennis is alles wat julle leer. Dit alles saam, voed jou hartjie wat dan soos die grond is. En dan My liefies, kan jy óók vir My vrugte dra. Ja, die vrugte wat jy dan dra, is wanneer jy mooi geluister het en alles in jou hartjie gebêre het en dan dit wat Ek jou geleer het, DOEN. Dan kom Ek wat die Opsigter van die tuin of hartjie is en as Ek hierdie werkies wat jy dan doen, sien, proe dit soet vir My. Wanneer al My liewe kinders dan sulke mooi soet vrugte het, kom Ek en maak dan vir elkeen wat so soet is, `n plekkie in My groot huis of woning en vat hulle saam. Maar as daar nie vrugte aan `n prieel is nie, al het Ek dit hóé baie kos en water gegee, sal ek daardie prieel uithaal en weggooi. Julle moet soos die goeie druiweprieel in die goeie wingerd in die goeie grond wees.

Dit, My liefies, beteken dat julle moet doen wat Ek julle leer, anders is daar nie vrugte nie en dan kan Ek jou nie na My huisie toe vat nie. Dit sal My hart baie seer maak. Julle moet nou pragtige en soet trossies druiwe of werkies dra, deur jou naaste te help, ja, ook as jy hulle liefhet en vir My liefhet bo alles, is dit soet druiwekorreltjies. Dink nog bietjie aan dingetjies of werkies wat soet vrugte vir My, julle liefste Jahshua sal wees. Ja, deur altyd die waarheid te praat, eerlik te wees, te luister as jou pappa of mamma praat en daar is nog báie. Gesels bietjie daaroor en wees lief vir My, My liefste kindertjies.



Amein.

# Hoofstuk 8

## Die Olie en die lampies





Vandag, My liefste klein hartediefies, gaan ons praat oor olie. Julle weet mos wat olie is. Daar is verskillende olies en elkeen word ook vir verskillende redes gebruik. Olywe gee vir ons olyfolie. Weet julle hoe dit gemaak word, My liefies? Die olyfboer wag totdat die olywe ryp is aan die bome, dan pluk hy dit. Hy gooi dan die hele spul in `n groot houer waarin dit gepers word. Nou wonder julle seker hoe of wat dit beteken, nê? Om iets te pers, word dit onder op `n vlak neergesit en `n groot swaar gewig word dan bo-op dit neergesit, sodat al die sap of olie daaruit gedruk word. Die olie loop dan in `n groot houer en die boer neem dit en verkoop dit dan. Verstaan julle nou? Van julle se mammas gebruik olie om party kosse in gaar te maak en sekere olies om aan julle velletjies te smeer en so is daar baie gebruike daarvoor.

`n Lang tyd terug het die mense olie gebruik om vir hulle in die nagte lig te maak. Ja, hulle het die olie in lampies gegooi en dit dan aangesteek om in die donkerte te kan sien. Net soos julle ook vandag doen as daar nie elektrisiteit is nie. In daardie tye was daar `n pragtige meisie en jongman wat sou trou. Die jongman, wat ons die bruidegom noem, het van `n ander gebied af gekom en die pragtige jong meisie het aan haar diensmeisies `n opdrag gegee. Ja, `n diensmeisie is iemand wat `n bediende is. Die diensmeisies het nie een `n man gehad nie en was net so bly en opgewonde soos die meisie wat nou gaan trou.



Omdat die bruidegom nog op pad was, het die bruid, dit is nou die meisie wat gaan trou, vir haar diensmeisies gesê dat hulle vir hom moet wag. Nou wonder julle seker hoekom hulle vir hom moet wag? Hulle moes wag, sodat wanneer hy kom, hulle vir hom lig kan maak met hulle lampies en om vir hom die pad te wys tot waar die bruid is. Dan kan almal die groot saal ingaan en saam fees vier. Daar was tien sulke pragtige meisies en hulle moes voor die aand sorg dat hulle lampies vol is en dat hulle genoeg olie het vir die nag. Maar vyf van hulle was nie lus om olie te gaan haal nie. Net die vyf flukse meisies het voor die tyd gegaan en gesorg dat alles reg is.

Weet julle wat het toe gebeur, My liefste kleintjies? Daardie bruidegom het



so bietjie langer tyd geneem voor hy gekom het en toe die boodskapper roep en sê dat hy kom, was daar vyf meisies met `n groot probleem. Julle kan seker raai wat hulle probleem was. Ja, hulle het hulle lampies die heel nag laat brand en al die olie is opgebruik. Toe hulle die ekstra olie moes ingooi en hulle lampies moes aansteek, was daar nie meer olie nie! Net die slim of wyse meisies het olie gehad en hulle kon onmiddellik hulle lampies aansteek en vir die bruidegom lig maak. Hulle het ook voor die bruidegom uit gedans en gesing, sodat almal kon weet hy het opgedaag. Die ander meisies moes nou eers iemand gaan soek om vir hulle olie te gee. Weet julle wat gebeur toe met die ongehoorsame diensmeisies? Ja, dit is baie hartseer wat gebeur het. Hulle was te laat vir die groot fees! Toe hulle uiteindelik daar aankom, was die groot saal se deur reeds gesluit en die deurwag het net gesê dat hy hulle nie ken nie! Hulle moes toe maar omdraai en kon nie saam fees vier nie. Dit is darem baie hartseer nê, My liefies?

Wie van julle pragtige kindertjies kan sien wat die les in hierdie verhaal is? Laat Ek julle leer, My klein hartediefies. Elkeen van julle, is soos `n diensmeisie. Die olie wat elke diensmeisie bymekaar moet maak, is al die lessies wat jy leer. Dit is nou alles wat mamma en pappa jou leer van My en My Liefde. Die lampie wat brand, is jou liggie wat moet skyn. Nou hoe skyn jou liggie? Dit is die liefde van My, Jahshua, wat in jou hartjie is. Ja, dit is al die liefdeswerkies wat jy doen. Die ander mense sien dit raak en dan wil hulle ook meer by jou weet van My. Skyn jou liggie vir My?



Ek, Jahshua, is die bruidegom en Ek wil hê dat jou liggie moet brand vir My. Ek wil baie graag saam met jou fees vier. Dink `n bietjie en kyk of jy saam met My binne in die groot saal gaan wees. Of is jy dalk een van die meisies wat nie wil luister nie en nie liefde in jou hartjie het vir My nie? Ja, dan is jy een van hulle wat nie olie in jou lampie het nie! Dan gaan jy nie saam met My kan fees vier nie. Jou liggie wat skyn, begin in jou hartjie en dit skyn as jy lief is vir My. Dan doen jy sommer vanself al die liefdeswerkies. Ek is baie lief vir julle en elkeen van julle moet sorg dat jy saam met My gaan, hoor! Ek Jahshua, die Bruidegom, is reeds oppad. So, My liefie, sorg dat jy genoeg olie in jou lampie het, hoor!

Amein.

# DEEL 2

*Verhale aan Anelda gedikteer: -'Vir die mini-mensies'*

## Hoofstuk 1

## Die verhaal van die vlinders

My kinders, nou wil Ek julle van vlinders vertel. Wil jy graag 'n vlinder vang? Ek hou ook van vlinders en wil julle nou vertel hoekom. Soos julle hou Ek van kleure wat My oog vang! Kom ons begin by die eiertjie. In die eiertjie is die lewe van die vlinder. Sonder 'n eiertjie, wat rond is, om My liefde aan te dui, kan daar nie 'n vlindertjie wees nie.



Binne die eiertjie is 'n larwetjie of wurmpie wat ontwikkel en gou na buite sal kom, as wurmpie, om ook elke tree af te meet. 'n Wurmpie is vraatsig en hou net aan eet. Maar op 'n dag is hy versadig, moeg van die baie eet, want dan weet hy verseker 'n nuwe fase kom, 'n nuwe tyd breek aan. Hy word stil op 'n veilige plek, hy lyk dood, hy is bedek deur 'n beskutting van een of ander aard. Hy het die belofte gehoor dat hy 'n vlinder sal word, en in die vorm van 'n papie, sal hy bly wag, terwyl hy meer en meer die lewe van 'n vlinder voel.

Op 'n dag, op die regte tyd, as die vlinder in die papie-dop voltooi is, breek 'n skeurtjie in die papie-vel, en die vlinder besef hy wil na buite kom. Met 'n bietjie moeite skud hy die papie-vel af en wag dat sy vlerkies oopvou en droog word. Welkom, klein vlindere! by die Blou Lug en Blomme. Later vertel Ek julle wat dit alles beteken. Amen.

<u>Binne-in die eiertjie</u> Jy weet net van jou, en dink dat die wêreld net om jou draai. Reg, My kleintjie, reg geraai! Die 'eie ek', jy was die spil waarom alles draai, jy het 'n dop om, om jou te beskerm, tot jy groot genoeg was om buite te lewe. Ek het ook 'n krakie in die dop beskik, sodat jy na buite kan kom.

<u>Buite in die son</u>; as wurmpie sien jy die son, maar vind ook volop kos. Steeds is jou gedagte om jouself te voed, en gulsig eet jy. Jy eet en eet en eet om gereed te maak vir nog 'n stadium waardeur jy moet gaan.

<u>Papie-stadium</u>; as papie weet jy dat jy 'n vlinder gaan word. Jy voel die krieweling, en jy wonder hoe vlinderpootjies loop en vlindervlerkies vlieg? Wil jy óók 'n vlinder wees?

Papie-tyd is om baie stil in jou hartjie te wees, en te wag dat Ek jou 'n vlinder maak. Steeds moet jy vra dat Ek jou deur hierdie tyd sal dra en My Gees sal wakker maak in jou. Ek woon in jou.

<u>Vlinder</u>; Elke een wat My liefhet, sal 'n vlinder word om belangrike werk in



My Tuin te doen. Vlinders bestuif blomme, daardeur is daar saadjies (vrug) waaruit nuwe blomme sal kom.
Vra My om jou 'n vlinder te maak, dit is wedergebore, want in hierdie storie het Ek jou gewys hoe jou siel ontwikkel het en dat jy 'n vlinder vir My kan word as jou siel en My Gees (wat binne jou is) heeltemal Een word.
Ek roep julle, My kleintjies, kom
Julle Jahshua, Amen.

## Hoofstuk 2

## Die verhaal van die vlinders 2

Elke kindjie van My,
Wil Ek uit die wurmpie,
Na die papie-stadium lei
En vandaar na vlinder,
Skoenlapper, hemelse klaradyn
Wat in blou lug sal sweef

My kleintjie, eers het jy nie geweet vanwaar jy kom, dit het jou gemaak, 'n bietjie dom, omdat jy gedink het dat net jy bestaan. Maar binne-in die eierdop het jy gegroei, jou siel het ryp geword vir die oorgangsfase. Toe jy sterk genoeg was, het EK jou na buite laat kom, sodat jy kon sien hoe blomme blom.

Jy het buite in die son baie ander wurmpies soos jy gesien, maar eers wou jy net vir jou lyfie sorg, en het jou magie (lyfie) oor jou baas-gespeel. Maar Ek het jou laat groei, sodat jy telkens jou vel (slegte, lelike dinge), wat nou vir jou te klein was, af/weg moes gooi.

Jy het groter geword, want My Lewe of Gees is in jou. Jy het baie geleer, jy leer baie van My, want dis EK wat jou leer. As wurmpie leer jy byvoorbeeld om die kossies wat jy kry met maatjies te deel. Daardeur groei jy in MY en so vorder jou siel op die Leer na MY.

Die wurmpie word groot en sterk genoeg om na 'n nuwe fase oor te gaan. Steeds beskerm Ek hom, omdat Ek weet dat hy 'n mooie skoenlapper sal word.

Die wurmpie word baie stil en in homself gekeer, dit is wanneer EK in harte begin werk sodat iemand regtig weet dat EK IS in sy hart werk. Nou leer EK hom waar hy vandaan kom en dat hy 'n koningskind sal wees.

Hy word nou baie, baie stiller sodat Ek in sy hart kan werk en Ek leer hom dat hy vir MY sal werk. Hy moet egter weer van sy wurmpie-vel, wat nou dof en leweloos is, gestroop word. Sy pootjies wat so graag op sy eie paadjies wou


loop, is nou af, en sy vel is nou bruin. Dit beteken dat hy nou nederig is, en vir ander nutteloos en lelik lyk, maar diep binne hom weet hy dat 'n vlinder wag om uit te kom, want Ek het belowe! Al My beloftes word waar, want Ek is mos daar om My kinders te bewaar.

Wanneer tyd reg is, sal die vlinder na buite kom. Elkeen wat My Gees (lewe) in hom het, kan 'n vlinder word/wedergebore. Kom vra My net, dat Ek jou siel ook gereed kan kry. Die vlinders sal terugkom na My hand. EK hoef hulle nie hardhandig te vang nie. Die liefde in hulle harte wys hulle die Pad terug na My hart/Liefde en hande.

Ek het julle baie lief, onthou!

Julle JaHshua, Kindervriend. Wees My maatjies, toe!

**Naskrif 1**



Kom, My kindjies kom
Die ure draai om en om
My Tuin staan in blom
'K laat spoedig die vlinders kom.


**Naskrif 2**

Papie-tyd is om na binne te kyk, terwyl jy as vlinder vrymoedig na buite, en ook na binne sal kan kyk, met dieselfde gemak.

AMEIN.

# Hoofstuk 3

## Die Boer (Landbouer)



My kinders, Ek wil vir julle 'n storie vertel. Luister nou mooi:

"Landman, Landman, saai getrou, laat die grond die saad maar hou", is 'n lied wat My groot kinders ken.

*(Vra vir Pappa of Mamma om vir jou die Gelykenisse oor die saad en die saaier in die Bybel te lees.)*

Die Landman is 'n boer wat saadjies in die grond (akker/land) saai. Ek is die Boer (in hierdie verhaal) en Ek werk met liefde. Die saailand is jou hartjie wat deur My omgeploeg moet word, sodat Ek My saadjies kan plant of saai. Die saadjies is goeie gedagtes/begeertes wat Ek in jou hartjie plaas. Die gedagtes kan lei tot goeie dade en meer, as jy die goeie dade wil doen. Wanneer jy goeie dade


uit jou hartjie doen, versamel daar meer koringkorreltjies in die are van die koringplant. Die koringare word dan ryp, en Ek word baie bly oor die goeie oes in jou hartjie. Ek maai dan die ryp koring, dit beteken, Ek sny dit af met 'n sekel, wat soos 'n halfmaan lyk.



Ek bring die koring gerwe bymekaar en dors dit, (dit beteken die halms en blare word opgesny en die koringkorrels en kaf bly agter.) Die koring en die kaf word dan geskei, deurdat My Wind/Gees daardeur waai. Die kaf, wat nutteloos is, waai dan weg. Die koringkorrels bly agter en kom niks oor nie, en bly op die dorsvloer agter.


Dan versamel Ek die koring om dit te maal en Ek maak lieflike, fyn wit meel daaruit. Van hierdie meel wil Ek brood bak. Ek is mos die Brood van die Lewe, en Ek wil hê dat My kindertjies soos Ek moet wees, ja, ook Lewensbrood, Lewende Woord. Binnekort kom My eerste brode uit die oond. Amen.





## Hoofstuk 4

## Die Herder



My kindertjies, nou wil Ek julle vertel van 'n herder. 'n Herder is 'n skaapwagter wat die skape oppas en teen gevaarlike diere beskerm. Ek is ook die Herder van My skapies, wat My volk is. My skapies (julle) ken My (Liefde) en daardeur ken hulle My stem, want My stem is liefde, Ek is deur en deur liefde. Die hande wat jou optel as jy val, die arms wat jou vashou en styf teen My Bors vasdruk, My Mond wat jou soen (met jou praat) is liefde. Ek is soeter en kosbaarder as wyn, Ek is baie, baie waardevol vir julle wat My ook liefhet. Ek is vir julle Alles.



'n Herder wat vir sy skapies lief is, beskerm hulle teen alles wat gevaarlik is en hulle lewens bedreig. Wolwe val soms skaaptroppe aan om die skape of lammertjies dood te maak en op te eet. Ek is goed en Ek wil dat My skapies lewe. So, Ek sal nie dat 'n wolf een van My

skapies vang nie. Die wolf maak dood, daarom moet My lammetjies in My nabyheid, of veilige omgewing bly, sodat die wolf niks aan hulle kan doen nie.

Die wolf ken My goed en hy weet dat hy net seerkry as hy aan My skapies raak, maar tog gaan hy nie weg nie, omdat hy altyd lê en loer en kyk of daar nie dalk 'n skapie is wat van die Herder af wegdwaal nie, sodat hy die ongehoorsame skapie kan verslind (opeet). Partykeer vergeet die wolf dat Ek altyd My skapies sal red, selfs uit die kloue van die wolf uit. Ek red My skapies altyd wanneer hulle saggies blêr, en na My roep om hulle te help.

Ek is die Goeie Herder en My skapies is julle, My kinders. Bly altyd by My, wees gehoorsaam aan My, dan hoef julle nie bang te wees vir die wolf (satan) nie, hy kan dan dan niks aan julle doen nie, omdat Ek altyd by julle is.



Julle Jahshua, Goeie Herder. Ek is baie lief vir My skapies, wat van My afhanklik is.

Met liefde,

Amen.

## Hoofstuk 5

## Samuel, die kind van My gevra

**(klere, offer, ma en seun)**

Kom, My kindertjies en luister weereens na My Woord, sodat Ek julle van Samuel kan vertel.

Lank, lank gelede, toe My Verbondsark nog in Silo gestaan het, het 'n man met die naam Elkana elke jaar na Silo gegaan om te offer. Hy het twee vrouens gehad, hulle name was Hanna en Pennina. In daardie dae, was dit 'n skande as 'n vrou nie 'n kindjie kon hê nie, Hanna was kinderloos en Pennina, haar man se ander vrou het haar gespot.

Arme Hanna was baie hartseer en het aan My 'n gelofte gedoen, dat as Ek vir haar 'n seun sou gee, sy die seun aan My sou teruggee. Terwyl sy huilend tot My gebid het, het die ou hoëpriester, Eli, haar gesien en kwaai met haar gepraat omdat Hy gedink het dat sy dronk was. Sy het vir hom gesê hoekom sy so huil en hy het aan haar My seën oorgedra.

Nie lank daarna nie, het sy bly uitgevind dat sy 'n baba sou hê. Toe hy gebore is, het hulle hom Samuel genoem en dit beteken "van El gevra". Hanna het ook nie haar belofte aan My vergeet nie en het Samuel na hy gespeen is en nie meer aan haar gedrink het nie, na Eli in Silo gevat. Sy was baie hartseer, maar sy het geweet dat sy bly sou wees en sy het nog ander kinders gehad.

Elke jaar het hulle na Silo toe gegaan vir die offerande en ook om vir Samuel klere te vat wat sy met liefde gemaak het. Samuel het in Silo groot geword en hy het vir Eli werkies gedoen. Hy was baie lief vir die ou man.

Een nag, terwyl Samuel geslaap het, het 'n stem hom wakker gemaak. Hy het gedink dat dit Eli was wat hom geroep het, en hy het na Eli toe gegaan. Eli het gesê dat dit nie hy was wat vir Samuel geroep het nie. Na Samuel vir 'n tweede keer die stem na hom hoor roep het, het hy weer na Eli gegaan. Hierdie keer het Eli besef dat dit Ek was en hy het vir Samuel gesê om te sê: “Hier is ek, Meester, spreek, U dienskneg luister.”

Ek het met Samuel gespreek en vir hom 'n boodskap gegee om vir Eli te gee. Eli se seuns sou sterf omdat hulle ongehoorsaam was. Samuel was baie bang om die boodskap vir Eli te gee, maar Eli het hom gevra om te vertel wat Ek vir Samuel gesê het. Hy het toe vir Eli vertel wat Ek vir hom gesê het en hy was baie hartseer daaroor.

Vandag spreek Ek steeds soos Ek met Samuel gespreek het as 'n sagte stem in die hart, word stil en hoor My stem.

Met baie liefde, Jahshua


## Hoofstuk 6

## Die pad



Kom, My kleines, julle Jahshua roep julle weereens om op My skoot te kom sit vir nog 'n kosbare storie, waarmee Ek ogies wil oopmaak en hartjies wil verander. Vandag vertel Ek julle van My liefde vir julle. Ek het julle baie lief, weet julle? Kan julle raai hoe lief het Ek julle?

My liefies, Ek het julle so lief dat Ek die lang pad wat julle terug na My moet stap baie makliker gemaak het, steeds maak Ek dit makliker vir jou voetjies om op My pad te stap, deurdat Ek die pad gelyk maak. As jy jou ogies op My hou, sal die Pad vir jou nie so moeilik wees nie. Selfs as dit nag is, het Ek ook nie van jou vergeet nie, maar Ek het vir jou 'n lamp gegee wat genoeg lig verskaf, sodat jy kan weet waar jou voete moet trap.



Dit is My Gees in jou wat jou lei, en weer vir jou die Pad na My Vaderhuis wys. Jy het 'n Padkaart na die Huis, en jy sal weet dat jou Pappa-Vader op jou wag, want eens het jy van Hom uitgegaan, jy was deel van Hom en Hy ken jou.

Wees bly dat Ek die Pad vir jou makliker maak, Ek doen dit elke

dag. Elke dag trek Ek jou nader en binnekort sal jy oor die drumpel stap en in My Huis sal jou nuwe wêreld wees.

Ek is baie lief vir jou en wil jou by My hê vir altyd, net vir Myself.


Julle Abba, Jahshua, wat die Pad berei het.

# DEEL 3

*Verhale aan Nalize gedikteer:*

## Hoofstuk 1

## Die Leeu van Judah



Vandag wil Ek julle vertel van die leeu. Het julle al naby 'n leeu gestaan as hy brul. Die aarde bewe as jy daar naby is. Dit is My krag wat Ek in 'n leeu verskuil het, wat maak dat die aarde selfs voor hom bewe.

Ek noem Myself ook die Leeu van Judah omdat een van My seuns wat lank gelede gelewe het, met die naam Judah, uitverkies was om die oeroupa te wees van My vleeslike liggaam. Daardie seun was die agterkleinseun van Abraham, die kleinseun van Isak en die seun van Jakob. Ek het Judah gekies om die stamlyn van My vleeslike vader, Josef, en moeder, Mirjam, se liggame te wees, omdat Ek vir baie van My kinders wat vroeër jare gelewe het, wou vertel waar om te soek vir My beloftes wat moes waar word. Ek het net vir hulle vertel dat Ek uit die stam van Judah in die stad Betlehem gebore sou word en Ek het 'n aanduiding gegee van die tyd waarin hulle My daar kon verwag.

Baie mense het uitgesien na My geboorte, want hulle het gedink dat Ek My krag gaan gebruik om die wêreld te verower en aan My volk, Israel, onderdanig te maak. Dit was nie waarom Ek wou aarde toe kom nie, soos wat julle reeds weet. Omdat baie mense My verwag het, het hulle die bose konings van daardie tyd opgewonde vertel van die beloftes en so het die konings planne gemaak om My sommer al dood te maak wanneer Ek gebore word.


Toe die natuurverskynsels wyse manne uit die Ooste uiteindelik gelei het na My plek van geboorte, het koning Herodus daarvan gehoor en al die baba seuntjies tot die ouderdom van twee jaar laat vermoor. Hy het dit gedoen om sy koningskap te behou, sodat Ek nie dalk teen hom sou kom oorlog maak en hom doodmaak nie. My Gees wat nog steeds met die mense in hulle harte gepraat het, toe Ek gebore was, het vir Josef gewaarsku en vroegtydig laat vlug. So is Ek, die Leeu van Judah, toe veilig grootgemaak in Egipte totdat al My vyande vergeet het van My bestaan.

Die mense het toe en nou My beloftes verkeerd verstaan en daarom sal My vyande julle nou ook wil doodmaak, omdat hulle bang is dat julle die wêreld sal oorneem en hulle rykdomme sal wegneem om slawe van hulle te maak. Ek het toe gekom om weer Koning van My volk se harte te word en só vir hulle 'n beter lewe sonder bekommernisse en slegte herinneringe te gee en nou kom Ek weer om dít te doen. Ek kom nou net ook om My volk van oraloor die wêreld die kans te gee om weer op een plek onder My wette van Liefde vir al die armes, weduwees en weeskinders ook te sorg. Ek sal die land só seën met goeie reën en vrugbare grond, dat almal sal kan kies om barmhartig te wees deur van hulle oorgenoeg besittings aan ander uit te deel. Ek wil hê My volk moet só lief wees vir mekaar en tyd hê om ander mense te help.

Die leeus in die natuur sorg ook dat kleintjies wat nie meer 'n ma het nie grootgemaak word deur ander ma's. Hulle sal ook die kos wat hulle vang met mekaar deel, want hulle weet hulle groep, 'n mens noem dit 'n trop, sal sterker wees, hoe meer daar is. As daar baie leeus is, kan hulle vinniger kos vang en sal nie aangeval word deur ander diere nie. Mense sê ook dat 'n leeu die koning van die diereryk is. Ek is julle Koning en sal sorg dat julle veilig in My volk bly as julle My krag gehoorsaam is en in liefde uitdeel en vir ander sorg. Amein.

# Hoofstuk 2

## Die Sabbatsrus



*JaHshua geniet die sabbat met Sy dissipels*

Vandag wil Ek julle leer van My Sabbat. Ek het in sewe dae die aarde met alles daarop gemaak waarvan die sewende dag gegee is om alles te leer rus. Baie mense verstaan nie hoekom rus nodig is nie en daarom wil Ek hulle nou alles wat belangrik is daaroor vertel.

As jy na die sterre kyk, sal jy baie helder sterre tussen die dowe sterre sien. Dit is waar die mense op die planete die naaste aan My manier van doen dink en lewe. Dit is soos nog 'n son wat lig afgee vir daardie ander planete. Die lig van die sonne stel alles rondom gerus dat alles wat hulle ken voortgaan of aanhou soos normaal, sonder dat daar 'n einde aan kom. Dit is My wonderlike maatstaf van orde, wat aan alles roetine gee. Dit beteken dat daar dae

is en dat dit in gelyke hoeveelhede tyd opgedeel kan word vir lewe om voort te gaan.

Ek het 'n orde vir alles wat bestaan daargestel, sodat alles in gelyke mate groter en sterker kan word en dinge afgetel of vergelyk kan word. Die sewe dae in elke week is die maklikste om te verstaan as daar iets anders een keer 'n week gebeur. As jy ses dae hard werk, mens noem dit ywer, om vir jou liggaam kos en blyplek reg te kry, beloon Ek jou deurdat jy die sewende dag 'n fees kan hou saam met almal vir wie jy lief is. Dan het jy gerus van die week se werk en voorbereiding, omdat daar genoeg is om te gebruik op die feesdag.

As jy in daardie ses dae die hele tyd jou werk in liefde gedoen het en geywer het om met My te gesels en alles te doen soos wat Ek dit vir jou sê terwyl jy werk, sal jy oor niks hoef te bekommer het, terwyl jy gewerk het nie en jy sal alles van die beste gekry het vir die sewende dag. Ek sal daarvoor sorg dat jy so goed behandel word deur alles wat lewe rondom jou, omdat Ek dan sien dat jy alles net doen uit liefde vir My. As jy al hierdie gedoen het, omdat jy wens om net die beste te kry, sou Ek nie vir jou baie opdragte gee, of baie met jou praat of dinge voorsien vir jou om te geniet nie, want dan het jy My nie regtig lief nie.

Onthou, Ek het alles gemaak en sien alles wat jy doen, dink en voel en sal altyd vir jou die beste gee dat jy nóg meer kan lief word vir My.

Om op My Sabbat te rus van harde werk, stel ook iets anders voor, of moet vir jou iets groter verduidelik: As jy die ses volle dae of maniere om mens te wees oorwin het met ywer, tree jy in die sewende vlak van hemelse rus in, waar jy net My in jou hart volg en geen sintuie, soos ruik, proe, voel, sien, hoor of dink jou verlei om agter dinge van die wêreld of satan aan te gaan nie. Dit beteken dat as jy alles wat jou aan die wêreld of jou liggaam laat dink kon opsy skuif om net aan My te dink en met My te praat, jy na die sewende manier van bestaan oorgaan en dit is Barmhartigheid.

Jy het dan gewerk om Liefde te word en al jou sintuie en verstand sal dan net doen wat Liefde is. Jy kon dit net regkry met harde werk aan jouself en 'n <u>wil</u> of besluit om dit vir Mý reg te doen. Ek is jou Koning en Hemelse Pa en jou lewensmaatjie wat elke dag vir jou sorg en daarom sien Ek uit daarna en waardeer dit as jy só ook alles vir My wil doen.

Hierdie sewende dag van elke week herinner jou aan die volmaaktheid van My orde van Liefde. Ek het ook die aarde se bestaan, soos julle dit ken in sewe dele opgedeel. Daar het nou reeds 6000 jaar verloop of verbygegaan, vandat Ek die aarde op hierdie manier geskep het. Een van die dae gaan die sewende 1000 jaar aanbreek waar almal gaan lewe binne hierdie orde van Liefde, soos wat Ek dit al op ander maniere ook vir julle verduidelik het. Almal gaan dan verstaan en niemand gaan dan meer sonde doen nie.

Aan die einde van daardie 1000 jaar van rus sal daar weer 'n toets oor hulle

pad gestuur word. Ek sal Satan weer kans gee om hulle te probeer vertel dat die liggaam en aarde belangriker is as Ek en so sal daardie mense wat weer baie langer gaan lewe, omdat hulle gehoorsaam is, ook 'n kans kry om in moeilike toetse vir of teen die liefde te kan kies.

As hulle toets verby is, gaan Ek weer 'n nuwe hemel en nuwe aarde maak waarop die sewe dae weer voor sal begin, soos julle weke. Ek het julle baie lief en wil hê dat jy My elke dag beter moet verstaan en meer moet liefhê deur die ander mense wat rondom jou lewe. Doen goed aan ander, sodat hulle ook nie bang en mislik, bekommerd of ongelukkig word nie, maar kan rus in die liefde, soos jy. Amein.

## Hoofstuk 3

## Hartvorms

Julle Hemelse Pappa wil nou met julle kuier. Julle almal ken harte. Die vorm van 'n hart het twee helftes wat presies dieselfde lyk as jy dit vou. Dit het 'n ronde kant bo met 'n skerp kant onder. Ek wil nou verduidelik wat dit beteken. Die rondheid dui op die son wat die middelpunt van alle lewe is. Die aarde en ander planete draai om die son. Daar is baie sonne in die hemelruim en elkeen het sy eie planete wat om hom draai. Ek moes Myself en My belangrikheid deur iets voorstel in My skepping en Ek het besluit dat jy My sal herken in die son. Sonder die son se lig en warmte sal niks kan lewe nie, want yskoue laat alles vries en doodgaan. Ek het ook toegelaat dat die son se strale by al sy planete kan uitkom om vir lewe op hulle almal te sorg. Ek is ook die lig, want in die lig kan mense alles sien en beter verstaan. As Ek nie die lig in jou hart gegee het nie, het jy niks rondom jou verstaan nie en as Ek nie jou hart van liefde warm laat klop het nie, kon jy nie ander mense liefhê en met hulle vriendelik wees nie, dan het jy nie 'n goeie lewe gehad nie. As iemand koudkry is hy hartsteer en alleen en dink die hele tyd aan alles wat sleg is, maar as iemand warm kry, is hy vrolik en lus om dinge saam met ander mense te doen. Dan wil mense gewoonlik mooi aantrek en lekker eet. Só hou Ek daarvan as My liefde julle warm van vrolikheid laat voel. Ek wil julle gelukkig sien en wil hê julle moet julle mooiste eienskappe 'aantrek' vir ander mense en saam met hulle gesels oor hoe goed Ek is en hoe wonderlik al My werk is. Dit is soos om te eet, want dit laat jou tevrede en rustig voel. Ek wil ook hê dat julle ander mense moet help om só ook baie van My te hou en lief te hê. Ek is daarom die bokant van die hartjie, want 'n sirkel het nie 'n begin en einde nie, soos Ek.

Nou wil Ek julle vertel van die onderste punt van 'n hartvorm. Ek het julle ónder My geskape. Alles is ondergeskik aan wat Ek is, maar Ek wil alles deel maak van My, daarom word die puntvorm breër na My kant toe. Julle is vir

My engele wat afgestuur word, bo van My af, na My aarde toe daar onder, om alles van my vir die ander mense te gaan leer. Daarom is julle ook groot, mooi en sterk, soos Ek, as julle by My is, maar klein en eenvoudig soos die mense waartussen julle lewe as julle daar onder op aarde is. Julle is dus die punt van My hartvorm as julle op aarde is, maar deel van die groot ronde son as julle weer by My is. Julle hoef nie nóú eers meer deel van die son te word as julle doodgaan nie. Julle kan in julle harte, waar julle bly of hartseer voel weer deel wees van My, terwyl julle vir My op die aarde werk ook. Dit is nou moontlik, omdat Ek aan die kruis vir julle almal gesterf het.

Ek het ook lank gelede aarde toe gekom in 'n mens se liggaam, terwyl Ek daar bo as 'n son vir ander mense se harte bly lewe het. Ek het geweet niemand sou op aarde kon lewe sonder om verkeerde dinge te doen nie. 'n Mens noem dit sonde. Ek moes daarom sonder sonde kom lewe en wreed doodgemaak word deur Satan se knegte, sodat Ek vir hom kon wys dat hy my nie vir altyd kan doodmaak, of verlei om ook te sondig nie, al probeer hy hoe hard. Toe Ek so wreed vermoor was aan 'n kruis het Ek baie mense gehelp wat reeds dood was om weer met My te begin praat in hulle harte.


*JaHshua word gekruisig*

Totdat Ek as mens gesterf het, het Satan hulle siele almal vasgehou in 'n plek met die naam: doderyk. Hulle was almal koud, hartseer en eensaam, omdat hulle geweet het hulle nie naby My kan kom nie. Toe Ek doodgemaak is, het Ek in die doderyk ingegaan en vir Satan gesê dat al die mense wat My liefgehad het, se sonde nou deur My vergewe is as hulle weer vir My wou kom werk en Satan kon hulle nie meer vashou deur hulle te verwyt vir alles wat hulle verkeerd gedoen het nie, want EK het in hulle plek hulle straf van Satan gedra. As jy vandag aanvaar dat Ek ook doodgemaak is vir wat jy verkeerd gedoen het in tye wat verby is, sal Ek ook help dat Satan nie meer verwyte in jou oor kom fluister oor dít waarvoor jy My dan gevra het om jou te vergewe nie. Jy moet dan ook sorg dat jy nie weer sulke foute maak nie, maar altyd eerste liefdesdade vir ander mense doen, dan sal Ek in jou hart vir jou sê wat jy volgende vir hulle moet doen.

Onthou dat Ek die heeldag by jou is en alles weet wat jy doen, dink en sê en Ek wil soos die son vir jou wees, van wie jy nie kan weghardloop nie, al probeer jy. Sy lig kom orals in. As jy dit so geniet om My by jou te hê, soos

wat Ek dit geniet om by jou te wees, sal Ek jou help om nooit meer verkeerde of lelike dinge te doen, dink of sê nie en dan noem Ek jou 'volmaakte liefde'. As jy dit lank genoeg reggekry het om só te lewe, dat Satan jou glad nie meer laat wonder of verlang na wêreldse dinge of dinge wat vir jou liggaam sal lekker wees nie, sal Ek jou krag gee om nie meer aan die natuur en vlees gehoorsaam te wees nie, maar net aan My. Jy sal dan sonder 'n fiets of 'n kar of 'n vliegtuig baie vinnig baie ver kan beweeg en vir die wind en wolke en hele natuur kan sê wat om te doen. Jy sal dit alles kan doen om ander mense te gaan help soos wat Ek sê jy moet en 'n mens sê dan jy is 'wedergebore'.

Een van die dae sal Ek sê dat sekere mense tussen julle nou lank genoeg reggekry het om net liefde uit te leef en dan sal hulle wedergebore word om ander mense te kan gaan help om ook net liefde uit te leef. Hulle sal julle ook help as julle dit graag wil hê en My daarvoor vra. Bid daarom gereeld vir My dat Ek almal in hulle harte sal help om net liefde uit te leef, dan sal Ons vinniger meer mense kan help om van Satan se speletjies met hulle weg te kom.

As jy wedergebore is, sal jy ook die hele tyd in jou hart My kan hoor en sien en jy sal nooit meer bang of alleen voel nie, maar baie gelukkig wees, want jy sal altyd die beste en mooiste van alles kry hier bo by My, terwyl ander mense rondom jou nie weet waar jy alles vandaan kry om vir hulle te vertel en te gee nie. Jy sal baie dinge kan maak, soos Ek. Jy gaan so My krag gebruik om net dinge van liefde te doen op 'n mooi, slim manier. 'n Mens noem dit 'wys'. As jy alles presies reg doen, sodat dit almal bly en gelukkig maak as hulle ook van liefde hou, dan het jy dit met wysheid gedoen.

Kyk 'n bietjie rondom jou waar Ek oral hartvorms vir jou weggesteek het. Daar is harte in blaarvorms, sterre en klippe en baie ander dinge. Ek wys in alles vir jou hoe lief Ek vir jou is. Amein.

## Hoofstuk 4

## 'n Graspol

Julle het al baie in die veld gesien hoe die gras in bolle uit die grond uit groei. Kom EK vertel julle waarom Ek dit só gemaak het.

Die grond het baie voedingstowwe, of soos julle dit ken, kos, wat in klein dele, 'n mens noem dit sieledele, gebêre word. Dit is baie werk vir die plante om hierdie kos uit die grond uit te haal. Dit is ook net moontlik as water die kos oplos dat dit maklik van die grond na die plant opgesuig en beweeg kan word.

Wanneer 'n grassaadjie genoeg hitte en water en voedingstowwe rondom dit kry, sal die saadjie se lewe in hom veroorsaak dat dit ontkiem of dan groter word en wortels en 'n stingeltjie laat groei. Hoe groter dit word, hoe makliker

kan dit die kos uit die grond opneem, want hoe meer wortels is daar wat verder kan groei om op meer plekke kos te kry.

As die grasbol, of eerder graspol soos wat 'n mens dit noem, dan groter word met meer wortels onder die grond, groei daar ook meer stingels en blare bo die grond. Die plantjie is sterk met soveel wortels, so dit sal nie uit die grond uitgewaai of maklik uitgetrek word nie, maar die lang blare bo die grond waai maklik rond in die wind of word gebuig deur enigiets wat hard daarteen druk.



*Die ryk man en die arm man Laserus*

Ek het die plantjie gemaak om heeldag en nag hard te werk om te sorg dat elke sieledeel in die wortels en blare genoeg water en voedingstowwe kry om al groter en sterker te word totdat die winter kom en dit in die koue doodgaan of rus. So is julle ook vir My soos graspolle.

Julle harte is klein saadjies van My liefde wat begin lewe wys as dit in die regte grond of omstandighede val met genoeg lig en water. Dit beteken dat julle liefde sal begin lewe as julle Pappas en Mammas julle met liefde en nederigheid grootmaak. Julle sal dan die grond of liefde goed ken en weet hoe om reg te doen aan ander mense. Dit sal julle sterk maak in julle harte, sodat niks julle as graspol kan omwaai of uit die grond ruk nie. Dit beteken dat die wortels van jou menswees wat in jou hart lê, waar ander mense nie sien nie, nooit van die liefde geskei kan word nie. Dit bly vashou aan die liefde, maak nie saak wat met die blare gebeur nie, want jy verstaan dat jy net kan lewe as jy goed in die liefde inkruip.


Jou blare bo die grond is wat ander mense van jou sien. Dit word deur die wind rondgewaai en dit buig maklik, maar dit groei hoog bo die grond uit en is sag, omdat dit al die water van onder af kry. Hierdie blare is hoe jy teenoor ander mense moet wees. Omdat jy baie liefde en nederigheid van die grond en die son kry, is dit vir jou maklik om aan te pas by hoe ander mense met jou is en dinge wat met jou gebeur. Jy sal nie stukkend breek of afskeur of doodgaan as jy genoeg nederigheid en liefde in jou het nie. Jy waai rond of buig of knak, maar jy hou aan groei en meer blaartjies ontwikkel en al die blare word langer. Só is jy as jy meer en meer mooi eienskappe het, dat Ek jou ook maklik raaksien in My veld van mense.

Ek sorg vir elke graspol en baie goggas en ander diertjies kom soek kos en

skuiling daarby. Wees jy ook vir MY 'n goeie graspol wat al My grond, sonlig en water gebruik om groot en sterk te word. Ek sal ook elke dag vir jou sorg. Amein.

## Hoofstuk 5

## Mossies en mense




Het julle al gewonder waarom al die grootmense graag mekaar help en vriendelik groet as hulle mekaar sien? Het julle al opgelet hoe een vriendelike persoon 'n ander een help om nog vriendeliker te word en hulle dan altwee 'n lekker dag het?

Vandag wil Ek julle vertel van die mossies van die veld. Hulle werk almal hard om kossies bymekaar te kry vir hulleself en hulle kleintjies elke dag. Hulle kan dit nooit bêre nie, maar moet elke dag nuut begin met dieselfde werkies. Ten spyte van hulle harde werk wat elke dag dieselfde is, is hulle nog steeds vrolik en vriendelik en kuier met 'n mooi lied in hulle mondjies met al die maats rondom hulle. So help hulle mekaar om kos te vind en vrolik van hart te wees terwyl hulle werk.


Ek wil ook hê dat julle so moet wees vir mekaar. Die een moet die ander help met 'n vrolike hart dat sy dagtakies of werk vir hom maklik en lekker is, omdat hy My liefde deur sy maat ontvang. 'n Mens noem dit ondersteuning. Ek wil hê dat julle mekaar moet ondersteun om goeie werk vir My te doen en altyd met die regte gesindheid of mooi hart ander te help.

As julle dit mooi regkry, sorg Ek vir julle ook vir mooi dae en goeie kos deur julle meer van My in lesse te laat verstaan. As jy iets beter verstaan, het My Lig daarin vir jou opgekom. Hoe meer Lig jy ontvang van My af, hoe nader kom jy daaraan om 'n son vir ander mense te word. Sing saam met die mossies van die veld 'n liedjie vir My oor My groot werke, liefde en sorg. Amein.

# Hoofstuk 6

## Wees ‘n goeie vrou

Ek het ‘n storie berei vir julle. ‘n Man wil besluit op ‘n meisie na sy hart wanneer hy oud genoeg is om ‘n huis te bou en ‘n gesin van sy eie te kry. Dan gaan die man uit en kuier met meisies om ‘n maatjie te vind wat pas by die manier wat hy grootgeword het, aantrek, praat en eet. Hy kyk fyn na elke meisie wat met hom kuier, want hy weet dat hy net een kans het om ‘n vroutjie te kies. Hy weet dat hy die beste meisie sal kry as hy bid vir leiding en gehoorsaam luister na wat ons Hemelvader vir hom sê. Dit is die maklikste om ‘n maatjie te vind as hy na eenvoudige funksies toe gaan, soos om by sy vriende se huise te gaan eet of met alledaagse werk mense te gaan help, want dan kan hy sien hoe die meisie in normale omstandighede lyk en praat en optree.



*JaHshua ontmoet die Samaritaanse vrou by die put*

Hy weet hoe belangrik hierdie besluit is en dat sy hele huis en gesin en geloofslewe saam met hierdie meisie gebou gaan word en daarom weet hy dat hy alle wêreldse skoonheid en slimheid moet vergeet om reg te kan kies. Hyself sal ook maar net homself wees en geen aansitterigheid hê om uiteindelik die meisie van sy hart om die hand te vra nie, want hy weet dat ‘n wyse meisie na dieselfde dinge as hy sal kyk. Die man sal dan eers haar ouers ook goed wil leerken en sien hoe hulle haar grootgemaak het en wat die gesin se smake en gewoontes is voor hy finaal besluit. Hy sal altyd bid voor hy enigiets vir die ouers gaan sê of vra van sy voorneme om die meisie te neem as vrou.

Ek, Jahshua, is die man wat oral op die aarde ‘n volk as vrou gaan soek het vir My. Ek het na hulle manier gekyk hoe hulle lewe en hoe graag hulle bid en gehoorsaam is en My hart het verlief geraak op die Boere van Suid-Afrika. Ek het ‘n lang tyd met hulle gekuier in hulle harte en gekyk hoe hulle My woorde in hulle beantwoord deur hulle gebede en optrede teenoor ander mense. Daarna het Ek liefdesbriewe vir hulle begin skryf om hulle te vra om alles van hulle luukse lewe vir My af te lê, sodat Ek die belangrikste kan word in hulle lewe. Ek het geweet dat hulle eers My geskenke en beloftes sal waardeer as Ek die belangrikste in hulle lewens is.

Toe julle gewoond geraak het aan My manier van praat en hoe Ek die hele tyd in julle harte alles saam met julle doen, het Ek julle gevra om altyd eerste na My toe te kom met julle probleme en altyd julle vreugde in My geselskap te geniet, want Ek wil nie meer sonder julle wees nie. Ek het ook verduidelik dat Ek julle nou al My maniere van liefhê, leer en skep gewys het, sodat julle al die kindertjies van My volk kan leer om dit te verstaan en te waardeer. Ek noem dit dan 'ons kinders', omdat hulle alles sal wil doen soos ons, in liefde. Hierdie land is dan 'ons huis' omdat dieselfde reëls van liefde aan My en die mense en lewende dinge rondom julle 'n gesonde en rustige, gehoorsame gesin sal bou. Ek wil hê dat julle moet gehoorsaam wees aan My reëls dat Ek julle kan bewaar as 'n vyand julle wil seermaak of as Satan iemand gebruik om baie van die aardse dinge te begin hou.

Die aardse dinge is Satan se koninkryk, waar hy kyk hoeveel diensknegte hy bymekaar kan maak. Hy gee alles wat lekker en gemaklik lyk op aarde vir sy knegte, maar dan word hulle blind en doof in die gees, sodat hulle niks meer van My ewige beloftes en wysheid verstaan nie. Hulle wil dan net alles doen om hulle aardse tyd te geniet en beplan al hulle tyd om nuwe dinge te koop, doen of te geniet wat hulle liggame sal plesier. Omdat elke mens sy aardse liggaam hier gaan los wanneer hy sterf, is dit net tydmors om al die moeite daarvoor te doen. Ek het vir jou 'n aardse liggaam gegee, sodat jy elke oomblik kan kies om my of Satan se vrou te wees deur te wys hoe lief jy My of hom het. As jy My liefhet, sal jy eerder in jou hart vir My vra hoe Ek wil hê jy dinge moet doen, jou tyd moet gebruik, met mense moet praat, mense moet help en ook wat jy moet eet. Ek help jou met dit alles as jy gehelp wil word. Só gee Ek jou wysheid om altyd die regte ding te doen en ander mense te help en dan is jy ook vir My 'n goeie vrou.

As jy al hierdie goeie dinge vir My op aarde al kon regkry, hoef Ek jou nie moeiliker toetse te gee as jy gesterf het nie. Dan kan jy nog steeds My stem in jou hart vra hoe jy ander mense kan gaan help en jy sal nooit verveeld raak nie. Daar is so baie mense wat al gelewe het, wat nie geweet het wat reg of verkeerd is en hoe om met My te praat of waar om na My te soek nie, dat jy die heeltyd verskillende mense sal kan gaan help. Ek is geduldig en wil hê dat alles wat bestaan, ook Satan, uiteindelik die goeie sal doen of kies, en dit is die LIEFDE. Ek lewe nog van altyd af en sal nog vir altyd lewe en daarom sal Ek aanhou probeer om Satan en almal wat hy verlei het, te help om weer die liefde te verstaan.

Satan was een van My mooiste en beste knegte, wat Ek gemaak het, tot hy besluit het dat hy beter is as Ek en van daar af probeer hy dit op al die lelikste en slegste maniere bewys. Ek het alles wat jy kan sien gemaak om vir hom plek te gee om aan te hou probeer om mense te wen, maar Ek het vir My 'n huisie binne elke mens se hart gebou waar Ek kan bly en met die persoon praat as hy my daar wil hê. Só sal Ek aanhou help totdat Satan gesien het

dat hy nie krag het teen die liefde nie.

Noudat julle verstaan hoekom alles lewe en waar jy My moet soek, vra Ek jou ook om vir My 'n goeie vrou te wees deur altyd liefde uit te leef en mense te help om My te verstaan. As jy baie kere alleen in die natuur gaan sit en My vra om jou van My liefde te leer en jy bly heeltemal stil om aan niks te dink nie, maar luister na My, sal jy sagte woorde in jou hart hoor, soos Ek met jou begin praat. As jy gehoorsaam is aan My en ander mense en jouself leer om net liefdevol aan hulle te dink, sal jy altyd die regte woorde van My hoor. Ek wil hê dat jy ook daaraan tyd moet afstaan om dit reg te kry, sodat jy ook sulke stories vir ander kinders kan neerskryf. Ek wil julle altyd mooi dinge leer uit My stories as jy na My wil luister. Dan noem Ek jou My kind of My vrou met 'n REIN HART. Ek het altyd tyd vir jou, want Ek het jou baie lief. Onthou My liefde en oefen vandag daarin.

## Hoofstuk 7

## Die mooiste menswees

Vandag wil Ek met julle om 'n tafel sit en heerlike kossies saam met julle geniet. Het julle al 'n vrugteslaai van alle kante bekyk en die wonderlike kleure gesien waarmee Ek julle liggame vul?


Ek het spesiaal elke kleur met 'n spesifieke doel by elke smaak van die vrugte gepas. Om daardie rede kan jy so maklik uitken watter vrug jy eet en waar jy dit in die natuur sal vind. Ek het julle ook so spesiaal vir My gemaak en julle het ook vir 'n rede op spesifieke plekke in die lewe gekom en deel van 'n sekere gesin geword. Julle elkeen is vir My anders en deel van My skatkis van smake en kleure.

Ek het julle nou al vertel van die leeus wat sterker is as hulle saam in 'n trop woon en so is die smake van vrugte ook sterker as jy 'n groter happie daarvan eet. Die reuk is sterker as jy 'n paar van dieselfde soort vrugte bymekaar sit en die kleur is helderder as jy die beste deel van die vrug gebruik.

So is julle vir My ook lekkerder om na te kyk as julle julle beste eienskappe by mekaar gebruik om mekaar se beste na vore te bring. Ek geniet dit as julle julle harte so oopmaak vir mekaar om die liefde na ander uit te straal dat hulle ook julle beste kleure kan beleef. Ek wil julle vra om die gesinne waarin julle is weer van nader te bekyk, want in elkeen se gesin is daar iets wat hulle saambind, 'n mens praat van 'n samebindende faktor, om hulle 'n eenheid te maak voor My. Dit is dalk 'n sekere manier waarop hulle graag dinge doen of 'n sekere manier hoe hulle graag mense wys hoe hulle hulle

liefhet of ‘n sekere plek wat hulle verkies om My in op te soek. Julle het voor julle lewens op aarde al vir My gesê by wie julle graag sou wou gaan woon en Ek het vir julle die beste pa en ma uitgekies om te gaan bly maak met julle mooi menswees.

Elkeen het maar ook in sy plekkie iets wat hulle pla en wat hulle moet oorwin om nog nader aan My te kom. Dit is die skille wat Ek eers moet aftrek voor Ek julle vrugte se pragtige kleure kan sien. Ek het elke dag werk om te sorg dat al julle harde en taai skille afkom dat ander mense ook julle mooiheid kan waardeer.


*JaHshua ihet vir ons gesterf*

As jy nou na al die mense rondom jou kyk en sien hoeveel werk Ek elke dag in hulle harte doen om vir jou ‘n mooi kleur en ‘n lekker reuk en ‘n soet smaak te gee as jy naby hulle is, deurdat hulle al die mooiheid van My liefde na jou toe uitstraal, sal jy ook raaksien hoeveel moeite Ek vir jou doen dat ander van jou kan hou, soos Ek.

Ek weet altyd hoeveel mooi daar in jou hart weggesteek is, want Ek het jou gemaak, maar Ek wil daardie mooi ook gebruik om ander mense van My mooiheid en goedheid te leer. Ek doen daarom elke dag moeite met jou dat Ek die prentjie en eienskappe van My in jou vir ander mense kan wys. Dit is die enigste manier hoe hulle My beter kan leer ken as hulle nog nie verstaan dat Ek in hulle harte woon nie.

Wees elke dag gereed om jou beste vir ander te gee dat Ek so vir hulle kan wys dat hulle ook mooi eienskappe het wat ander sal waardeer. Dit is eienskappe soos Liefde, Gehoorsaamheid, Dankbaarheid, Vrolikheid en Blydskap. Geduld is ook belangrik en rustigheid of vrede maak dat ander nie begin bang raak vir dinge nie. Ek wil al hierdie mooi dinge vir julle deur ander mense laat voel, sodat julle weet wat julle sal voel as julle My in julle harte laat lewe. Amein.

*Die kleure van die reënboog as eienskappe in jou:*

| | |
|---|---|
| Rooi | Liefde |
| Oranje | Vrolikheid van hart, Barmhartigheid |
| Geel | Lydsaamheid en uithouvermoë, Werksame Wil |
| Groen | Geloof, Erns |
| Blou | Vrede, Wysheid |
| Indigo | Vriendelikheid wat sag uitgestraal word na ander, Orde |
| Violet | Geduld |

## Hoofstuk 8

## Die engele om jou



*Engele om JaHshua*

Julle het al almal gesien hoe die wolke in die lug rondbeweeg en van vorm verander. Het julle al mooi prente daarin gesien? Is jou prente wat jy raaksien nuwe dinge of bekende vorms van dinge wat jy al op aarde gesien het?

Daar is geeste wat die wolke, wind, reën en lugstrome versorg en beheer. Ek het ook 'n engel as hoof daarvan aangestel en hy moet elke dag vir My vra wat Ek graag wil hê moet gebeur en vir My vertel hoe dit met sy werk gaan. 'n Mens sê dat hy met My beraadslaag oor die beste manier om dinge te doen.

Ek is altyd in beheer van alles wat aangaan, al het Ek werkers wat die werk vir My gaan doen. Dit bly My Woord wat die krag gee om die werk te doen en daarom is dit My Woord wat aan alles lewe gee.

As jy mooi na die wolke kyk, sal jy sien dat daar verskillende soorte wolke is. Jou pa en ma sal jou duidelik kan wys watter soort wolke bring reën of sneeu of koue. Jy kan maar net opkyk en die natuur sal so vir jou wys wat gaan volgende gebeur.

Mense is ook soos wolke. Hulle word versorg deur engele en ander diensknegte wat sorg dat hulle al die lesse leer wat hulle moet, dat hulle veilig is en dat hulle nie vergaan sonder kos of blyplek nie. Sekere soorte mense bring ook sekere soorte dinge mee. As 'n mens nors is en kwaai of ongelukkig, sal hy maklik almal wat saam werk of kuier dieselfde laat voel. Dit is soos swaar weer wat jou bedruk laat voel. As 'n mens vrolik is en nie ander mense laat bekommer of besorg raak oor dinge nie, is dit soos die son wat skyn en hulle lekker laat voel op 'n vrolike dag. Daar is ook die mense wat almal wil laat dink en wil vrae vra en dit is soos die winde wat waai. As jy nie self in jou hart vir My vrae vra en die antwoorde by My kry nie, sal dit voel of die wind jou heeltemal deurmekaar waai, van daardie persoon se kant af.

Ek wil hê dat jy moet oppas om nie soos die winde en swaar weer te wees nie. Mense wat soos sneeu is, laat ander mense koud kry van afsydigheid. Hulle wil niks met ander mense te doen hê nie en wil alles vir hulleself hou. Dit is moeilik om sulke mense te help om die kleure van 'n mooi menswees in hulle te gebruik as hulle eers so koud teenoor ander mense is. Die strale van 'n son van My deur jou sal lank moet skyn voordat daardie mens sal verstaan dat dit lekkerder is en meer mense help as hulle ook die warmte van liefde in hulle uitdra na ander.

Werk hard aan jouself om nie ander mense se groei na My toe terug te hou nie. Alles wat met jou gebeur het 'n doel, want Ek laat My engel toe om met jou te werk dat jy My al beter en beter leer verstaan. Al wat jy moet doen om die lesse maklik te leer, is om My te vra vir Wysheid en Liefde dat jy My kan verstaan en ander mense kan help. As jy verlang om so 'n mooi hart te hê, sal jy nie omgee om altyd die minste te wees en ander te help sonder om iets terug te verwag nie, want jy weet dat My engele vir jou die beste sal gee as jy jou lesse klaar geleer het.

Ek het julle lief en wil julle met hierdie lesse leer om te verstaan hoe om mekaar lief te hê. Vra My elke dag om jou te wys hoe om die liefde in jou meer en meer te laat uitstraal en Ek sal heeldag met jou praat om jou te help. Amein.

## Hoofstuk 9

## 'n Baie spesiale wêreld

Ek is die grootste goedheid rondom julle. As jy vir jou die mooiste ding uitkies, dan is Ek nog mooier, want Ek het dit gemaak en alles van My gebruik om dit te maak. As jy die vinnigste, die grootste, die hardste, die sagste, die helderste of die stilste dinge kan opnoem, kan jy My net bo dit aan die lysie sit, want deur My krag en My idees het dit alles tot stand gekom. Dit beteken

dat Ek eerste so moes wees, voor dit wat Ek gemaak het daaraan gelyk kon wees.

Het jy al so na jouself gekyk en gesien wat jy kan skep of maak? Het jy gesien dat jy niks beter kan maak as wat jy is nie. Alles sal altyd swakker of minder goed wees as jy, want, jy wat dit maak moet al die beste in jou dra. Wees oop vir My dat Ek jou kan beter maak as wat jy is. Jy kan altyd iets wat jy gemaak het verander om nog beter te word en nuwe dinge daarby sit, sodat dit baie meer kan doen. So wil Ek ook nuwe dinge vir julle leer en julle wys in watter wêreld Ek julle eintlik bedoel het om te laat pas. Omdat jy 'n mens is het Ek vir jou die vermoë gegee om te kan kies. Jy kan daarom kies of jy in hierdie wêreld dinge wil maak en daarin beter wil word, of in My eintlike wêreld vir almal wat My kies en in My glo. Die eintlike wêreld is soos wanneer maatjies op dieselfde manier begin praat en 'n spesiale speelplek kry. Ek het ook vir julle 'n spesiale wêreld gemaak waarin julle baie gelukkig sal wees en alles wat mooi is sal sien en voel, sodat jy hierdie wêreld vir ander mense ook kan makliker maak.


*Die verlore seun kom terug by sy Vaderhuis nadat hy die wêreld en sy genot beproef het*

As 'n groep maatjies mos 'n lekker middag saam gehad het, het hulle baie om hulle pa's en ma's te gaan vertel en almal kan saam lekker lag vir al die snaakse dinge wat die maatjies ontdek en saam gedoen het. As jy daardie wêreld waarin julle vir julle maatjies stories vertel oefen, sodat Ek vir jou dinge daarin kan wys, sal dit vir jou 'n groot helder wêreld word, waarin Ek jou baie slim dinge sal leer, soos wat almal nodig het, hoe dinge in die natuur werk en waar alles vandaan kom. As jy daardie wêreld goed gebruik, sal jy in daardie wêreld alles kan leer wat 'n wêreldse skool jou kan leer.

Oefen nou om te sien hoe Ek, Jahshua, hier sit en vir jou al hierdie stories vertel. Sien hoe Ek jou partykeer op My skoot tel en 'n stywe drukkie gee in My wêreld en voel hoe gelukkig dit jou maak om te sien hoe jou Koning graag met jou wil kuier. Wees bly en dink gereeld aan dinge wat Ek jou geleer het. Sien hoe jy na My toe loop onder mooi bome met baie vrugte en kyk hoe sag die gras is, waar Ek bly. Ek sal jou al hierdie dinge wys en later sal jy mooi voëlgeluidjies en musiek ook in My wêreld kan hoor. Dit sal jou al

blyer maak as jy dink dat Ek besig is om jou alles van hierdie wêreld te leer, dat jy maklik die nuwe, beter wêreld kan leer verstaan.

Ek is altyd in daardie wêreld gereed om tyd aan jou af te staan en al wat Ek van jou vra is om stil te word en net op 'n goeie manier aan ander te dink. As jy dan stilbly ook en nie baie met ander mense praat nie, maar soek in jou verbeelding om My te sien, sal helder prentjies jou meer van My begin wys. Dit is nie te moeilik nie en jy hoef niks te betaal of ver te soek nie. Jy moet maar net in jou hart verlang na My en alles wat Ek vir jou gee baie liefkry, dan sal hierdie wêreld vir jou net so duidelik word, soos die wêreld waarin jy nou lewe. Ek het mos alles gemaak en alles gaan in My wêreld begin lewe as dit doodgaan en nie meer hier sigbaar of lewend is nie.

Ek het julle baie lief en wil hê dat julle ook moet sien hoe Ek die hele tyd saam met julle is, soos wat julle werk om saam met My te wees. Soek heeldag na die liefde waarvan Ek julle vertel en My wêreld sal jou begin gelukkig maak – baie meer as enigiets op hierdie aarde. Amein.

## Hoofstuk 10

## 'n Nuwe lewe



*JaHshua wek die dogter van Jairus op uit die dood*

Julle Hemelse Pappa wil julle weer op Sy skoot tel en aan julle nuwe dinge leer. Het julle al gewonder wat beteken 'uit die dode opwek'?

Toe Ek op aarde gelewe het, het mense na My toe gekom om te vra dat Ek hulle familie wat kort gelede gesterf het weer uit die dode sal opwek, want almal wat My geken het, het geweet dat Ek dit kan doen. Ek het dan altyd geweet hoekom die mense gesterf het en eers die siel in die dode nader aan My gebring, voordat Ek hulle weer in hierdie lewe laat asemhaal het.

Om uit die dode op te wek is daarom die gebeurtenis wat mense weer laat asemhaal en hulle harte weer laat klop, nadat hulle gesterf het, deurdat Ek die siel teruggee aan sy aardse liggaam. Dit is nie moontlik vir enigiemand behalwe Myself en My Krag om so iets te doen nie. Mense wat in hierdie dae reg oor die wêreld sê dat hulle dit kan

doen, vertel leuens, want net Ek kan die regte siel weer by die regte liggaam bring. My vyand kan liggame met verkeerde siele vul en dan lyk dit asof daardie liggaam weer lewe, maar jy sal die nuwe persoonlikheid daarin kan opmerk as jy My vra om dit vir jou te wys en dit is baie gevaarlik, want dan lewe daardie persoon 'n leuen. Dit is teen My orde.

Ek het net in baie spesiale gevalle mense uit die dode opgewek, as Ek daardie mense of ander mense iets daaruit wou geleer het. Ek vertel hierdie vir julle, omdat Ek binnekort weer iemand uit die dood gaan opwek om julle te help om nie meer bang te wees vir die dood nie. Daardie persoon gaan jonk en baie spesiaal wees, want hy het My al lief, vandat hy gebore is. Ek gaan aan hom wys wat in My Ryk aangaan, sonder dat hy oor sy aardse liggaam bekommerd hoef te wees en wanneer hy genoeg by My geleer het om baie dinge opgewonde vir julle te kan kom vertel, sal Ek weer lewende asem in hom blaas en dan sal hy weer opstaan hier op aarde. Julle gaan baie mooi dinge by hom leer en dit baie geniet om te hoor hoe oulik hy van alles van My vertel en so sal julle ook nie omgee as mense julle eendag doodmaak omdat julle in My glo nie. Alles is in My beheer en Ek kan net sowel vir jou ook jou lewe teruggee soos vir hierdie seuntjie, as jy My bo alles liefhet en jou lewe vir My afgelê het.

Alles bly altyd 'n keuse en voordat hierdie seuntjie nog op aarde gebore is, het Ek en hy al ooreengekom dat hy dit vir My sal doen. Jy het ook dinge met My ooreengekom en sal dit nog doen as die tyd aanbreek. As jy daarom gekies het om vir My te sterf, het jy ook gekies of jy verder op aarde vir My wil werk, of op My nuwe aarde of eerder in My Hemelse Ryk. Enige plek wat jy gekies het, is 'n goeie keuse en jy sal baie opdragte by My kry. Niks is verkeerd as jy My bo alles liefhet en ander wil help om My ook so lief te hê nie. Jy moet altyd onthou dat Ek jou meer liefhet as wat enigiemand anders jou kan liefhê, want Ek gee elke dag aan jou nog lewe en Ek versorg jou met dinge wat ander mense nie eers kan koop of maak nie. Ek het ook vir jou gesterf, sodat Satan geen mag oor jou het as jy dit so kies nie. Kies My en jy sal altyd vrolik en gerus wees in My versorging en liefde.

Die rus wat Ek jou kan gee is van die grootste waarde op die hele aarde, want niks anders kan jou so sorgeloos laat voel vir die res van jou lewe, soos om alles van jou in My beheer te plaas nie. Ek sal jou versorg en vertroos en al jou sake vir jou laat uitwerk soos wat dit die beste sal wees vir jou, want Ek het jou onbeskryflik lief. Probeer net elke dag om My op jou beste te behandel en jou hele hartjie aan My te gee, deur net aan My te dink en jy sal leer om My so lief te hê soos wat Ek jou liefhet. Alles is vir My moontlik en Ek sal alles gee wat jou nader aan My sal trek as jy dit sal waardeer. Wees bly dat jy gekies het om die ALMAGTIGE Vader te dien en lief te hê. Almal wat lewe het die keuse om My so lief te hê en te verstaan hoe Ek al hulle probleme vir hulle sal oplos en dra, maar as hulle My nie kies nie, dan kan Ek


dit nie vir hulle doen nie, omdat hulle dit nie gaan raaksien en waardeer nie. Hierdie klein seuntjie wat gekies het om vroeg in sy lewe al vir My te sterf, weet al van kleins af dat hy net vir My moet lofliedjies sing en My in almal rondom hom moet raaksien om te lewe in My rus. As hy almal so behandel soos wat hy My behandel in sy hart, sal die lewe altyd vir hom 'n mooi sonskyn-prentjie bly en hy sal julle nog daarvan kom vertel as jy My en hom graag wil ken. Alles van My is mooi en goed as jy My liefhet. Amein.

## Hoofstuk 11

## Nederigheid

Vandag is dit weer tyd om 'n verhaal vir julle te vertel. Ek gee graag vir julle hierdie bederf, sodat julle pappas en mammas julle meer van My kan vertel. Die storie wat julle vandag gaan hoor is hoe 'n mens jou eie ek verloor.

Het julle al gehoor van 'n eie ek wat mense van praat? Dit is wat hierdie wêreld 'n persoon se hoogmoedige eienskappe noem. Die wêreld wil hê dat jy hard werk daaraan om te verstaan hoe jy beter en sterker kan wees as 'n volgende persoon, maar hier praat ons nie van sterk wees in wat jy doen en dinge van jou liggaam nie, maar in jou **dink** van hoe sterk en mooi en groot jy is. In My Wil is daar net nederigheid om te gebruik en dan is jy die mooiste vir My en almal wat lief is vir My. Jy hoef niks te KAN doen nie, jy moet maar net wil leer hoe Ek graag wil hê jy alles moet doen. Jy kan kyk hoe mense jou help om dinge beter te doen en dan soos hulle wees. Nederigheid is om geduldig te wees daarmee om dinge te doen soos wat ander mense graag wil hê dat jy dit moet doen.



*JaHshua in die grootste nederigheid voor sy aanklaers wat Hom valslik beskuldig*

As jy elke keer in jou hart na My toe kom wanneer jy iemand help of wil gaan help, sal Ek vir jou sê waarmee daardie persoon gehelp moet word en jy sal sommer vanself dinge doen wat daardie persoon se las ligter maak, dat sy werk vinniger kan klaar wees. Ek weet alles van almal af en Ek weet ook hoe om elke soort werk te doen, so as jy mooi vir My luister sal Ek

alles vir jou kan verduidelik. As jy My nie so mooi kan hoor nie, dan kan jy net vriendelik vir die ander persoon vra om vir jou te sê waarmee en hoe jy kan help. Hierdie is die maklike oefening van nederigheid.

Die moeiliker oefeninge is wanneer mense nie saam met jou werk nie, maar steeds dinge saam met jou doen. Hulle sal saam met jou in 'n ry staan en dalk iets doen wat jy nie van hou nie of hulle sal saam met jou 'n sekere taak afhandel waar almal dieselfde doen en jy sal dalk nie hou van hoe hulle dinge doen nie. Jy kan ook besig wees om iets te doen en iemand kan daar aankom en alles waarmee jy besig is deurmekaar maak, omdat hulle heeltemal iets anders op dieselfde plek wil kom doen. Jy moet dan altyd onthou dat jy Myself moet wees vir die ander persoon en Ek sal nooit op daardie persoon skree nie. Ek sal nie klap nie en Ek sal nie ongeskik wees nie. Ek sal die persoon vra of daar iets is waarmee Ek hom/haar kan help en dan My werk neersit om daardie persoon eers klaar te help. Die persoon sal dan uit My optrede sien wat dit is om iemand in liefde te ondersteun al doen hy iets verkeerds. Ek is tevrede om maar net almal te help om hulle sake af te handel, as My krag hulle kan help om dit vinniger te doen, want Ek wil graag hê dat hulle tyd moet hê om te sien waarvoor hulle My moet waardeer.

As jy hierdie geduld bemeester het tussen ander mense, sal jy leer verstaan waar Ek jou alleen dinge wys waarin jy nog hoogmoed of eie ek het. Jy sal sien hoe sekere dinge vir jou swaar voel om te doen of om liefdevol te wees en dit is presies waar jy dan nog nie heeltemal een met My geword het nie. As jy na My toe kom en My vra om dit vir jou te verduidelik, sal Ek vir jou sê wat jou groot probleem is en hoe jy dit kan verbeter om daarby uit te kom om vrede te hê in alle gevalle. Jy kan dalk besig wees om iets te doen en baie begin sukkel en jou eie ek sal dan sleg voel en begin ongeduldig raak omdat jy nie goed genoeg is nie. Jy kan dalk met maats kuier en hulle sal nie verstaan wat jy vir hulle sê nie en dit sal jou dalk laat voel dat jy liewer nie weer met hulle wil kuier nie. Die fout is nooit hulle wat jou nie verstaan nie. Die oplossing moet altyd by jou verandering begin. As jy My Liefde en tyd gebruik om die ander persoon aan te hoor, sal jy verstaan waar julle verskil en dan kan jy vir die ander persoon vertel hoe Ek jou iets geleer het, of jy kan erken dat jy nog nie die antwoord daarop van My gekry het nie. Jy kan ook vir die persoon sê wat Ek in daardie oomblik vir jou gee om te sê as jy alles net rustig en met liefde en vrede hanteer. As jou eie Ek jou gepla het, sou jy dalk besluit het dat jy beter dinge het om met jou tyd te doen of dat niemand die reg het om vir jou te vertel hoe iets werk of hoe jy eerder dinge moet doen nie. Luister maar eerder net na die hele gesprek wat die persoon met jou voer en jy sal wel My stem hoor wat antwoord op wat die persoon eintlik besig is om vir Mý te vertel, nie vir jóú nie, want Ek is in jou. Jy sal gelukkig voel as jy 'n liefdevolle antwoord kon gee en so sal julle net al hoe meer van mekaar begin hou, omdat julle My in mekaar sal begin raaksien. Dit


is die grootste manier van nederigheid tussen mense.

As jy altyd jou nederigheid gebruik om net liefdevol aan die mense te dink, al maak hulle groot foute voor jou, sal jy raaksien dat hulle nie altyd net foute maak nie, maar ook soms vir jou 'n voorbeeld is van hoe Ek met mense werk. Jy sal dan daaruit kan begin leer en dit sal jou al hoe gelukkiger maak dat jy nie meer omgekrap raak oor wat ander doen of sê nie. Hoe meer jy hierin oefen hoe "sterker" raak jou mooi eienskappe in My en so bou jy aan My beeld in jou en nie aan die beeld van jou wat die beste in alles is nie. Oefen hard hierin, dan sal Ek jou al hoe meer help en jy sal al hoe gelukkiger voel. Amein.

## Hoofstuk 12

## Gehoorsaamheid

Die dag vir opstaan en werk vir My het begin. Elkeen wat dit wil, sal 'n opdrag in My kry en sal so gelukkig wees dat hulle iets vir My kan doen, dat hulle glad nie omgee oor wat ander mense van hulle gaan sê as hulle net aan My gehoorsaam is nie. Ek weet die beste oor waarom Ek dinge vir mense sê om te doen of om te glo.



*Ten spyte van die versoekings deur Satan, bly JaHshua gehoorsaam aan Sy Vader*

Daar gebeur baie dinge in die gees, dus in My Ryk, waarvan julle nie weet nie en wat julle nie kan sien nie, maar Ek weet van alles en daarom weet Ek wat nodig is, sodat volgende dinge ook kan gebeur. As Ek daarom vir jou sê om iets te doen en jy is gehoorsaam, laat dit die volgende dinge wat gedoen moet word net vinniger gebeur. Ek het al vir julle gesê dat daar baie mense op hierdie aarde en in My Ryk is wat My hulp nodig het, so, as jy gehoorsaam is en net doen wat Ek vir jou sê sonder om daaroor te wonder kan jy My help om al daardie mense ook vinniger te help. Elke aksie of ding wat jy doen, het 'n gevolg, of iets wat gebeur omdat die vorige ding gedoen is en Ek kies die regte aksies en gevolge vir die regte oomblikke en mense. Wees net gehoorsaam aan My.

Wanneer die tyd reg is, sal jy ook van My jou loon ontvang vir al die harde werk en opofferings wat jy gedoen het om aan My gehoorsaam te wees. Dan gaan jy baie gelukkig wees, want Ek besit alles en kan alles skep en Ek weet alles, so Ek sal jou beloon met dit wat jy die graagste wil hê en wat jou die gelukkigste sal maak. Onthou, Ek is alwetend. My liefde vir jou is ook so groot dat daar nie iets is wat Ek nie vir jou wil doen en gee nie. Ek sal dit altyd net op die regte tyd vir jou doen en gee, want as Ek dit op die verkeerde tyd gee, sal jy My nie méér kan liefkry nie en Ek wil jou altyd help om net nog nader aan My te kom, dat jy alles anders wat lewe ook meer kan waardeer, liefhê en help.

My planne is groter as wat jy kan dink of verstaan en daarom sal Ek jou nooit alles verduidelik soos wat jy dit moet doen nie. Ek sal net vir jou die opdrag gee en dan sal jy met die loop van tyd alles beter verstaan. Ek sal dalk vir jou die opdrag en vir iemand anders 'n gedeelte van die betekenis van die opdrag gee en dan sal jy aan die einde sien hoe alles in almal verbeter het in die liefde en jy sal My weer loof, omdat Ek dit voor die tyd geweet het. Daar is nie altyd woorde om vir jou te verduidelik hoe alles gebeur en waarom sekere dinge nodig is vir ander dinge om te gebeur nie, maar as jy gehoorsaam is, laat jy alles vinniger gebeur.

Het jy al gesien hoe stadig iemand op sy fiets ry as hy die fiets se remme so halfpad trek terwyl hy ry. Hy moet dan harder trap om te bly beweeg en hy moet sukkel om sy balans te hou en hy verweer die remskoene en hy ry stadig. Dit is wat alles met jou siel gebeur as jy jouself weerhou om vinnig en flink te doen wat Ek van jou vra. Die remme is die bekommernis, die fiets is jou siel se beweging na die geestelike toe. Die remskoene is jou senuwees en liggaam, die balans is jou geloof en die spoed is jou geestelike groei of vordering. Alles kom van My en as jy alles net rig om My te glo en te volg, sal alles in puik toestand by die doelwit uitkom wat Ek daarvoor gestel het. Dit sal dan vir meer as een persoon die beste wees ook. Glo My en volg My en wees rustig in My wil. Amein.